

# Onderwysersgids

## *Pienk is nie vir sissies nie*

Christien Neser

Tafelberg, 2018

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die roman *Pienk is nie vir sissies nie* (Tafelberg, 2018)



Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **Graad 9 Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie gids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2021. 'n Druknaam van NB Uitgewers**

## INHOUDSOPGAWE

INHOUD	BLADSY
Benaderings tot die onderrig van letterkunde.....	3
Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat).....	4
Die verhaal in 'n neutedop.....	5-6
Biografie van die skrywer.....	7
Literêre begrippe: Verteller.....	8
Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd.....	9
Literêre begrippe: Ruimte of Plek.....	10
Literêre begrippe: Intrige en Temas.....	10
Literêre begrippe: Botsings of Konflik.....	11
Karakterisering.....	12
Karaktersketse.....	13-16
Afdeling B: Lees.....	17
Afdeling C: Post-lees.....	18
Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-24).....	18-38
Kritiese reaksie op literêre tekste: Literêre opstelvrae.....	39
Memorandum: Literêre opstelvrae.....	40-43
Memoranda (Hoofstuk 1-24).....	44-57
Woordverklarings.....	58-59
Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees).....	60-61
Memorandum: Tabel (Verrykingsaktiwiteit).....	62
Literêre glossarium.....	63-65
Bronnelys.....	66

Tafelberg

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal (Senior fase, Graad 7-9)** beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders “’n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word”.

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor ’n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder ’n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van ’n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV 2011:10).

Hier volg ’n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

**Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas.** Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.

Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om **aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.**

**Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks.** Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.

Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar **fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike beleving** asook die ondersoek van die literêre teks.


## AFDELING A: PRE-LEES

“Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis” (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

### ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT VAN DIE ROMAN

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**



- Bespreek die **gebruik van kleur** op die voorplat. (Pienk versus ligblou en die assosiasies wat daarmee gepaard gaan)
- Bespreek die **visuele elemente**: (a) die bergfiets en (b) die ballerina.
- Wie dink die leerders stel die ballerina voor?
- Bespreek die **kontras** tussen die ballerina en die bergfiets as beelde.
- Bespreek die **stereotipes** rondom die gebruik van kleur (pienk en ligblou) om geslag aan te dui.

## DIE VERHAAL IN 'N NEUTEDOP

*Pienk is nie vir sissies nie* (2018) is die verhaal van **Nicolene (Nicci) Rust**. Sy is in **graad tien** en woon in Johannesburg. Sy is **versot op fietsry** en is lid van 'n plaaslike fietsryklub. Tydens 'n fietsrit word sy deur 'n man en jong seun **aangeval** aangesien sy alleen vooruit op die fietsroete gery het. Sy word met 'n baksteen teen die kop geslaan en van haar fiets en ander besittings **berooft**. Sy bevind haarself gevolglik in 'n plaaslike hospitaal waar sy mediese behandeling ontvang. Die dokter stel haar egter in kennis dat sy vir die res van die jaar nie sal kan fietsry nie weens die tipe beserings wat sy opgedoen het. Dit is vir Nicolene, of Nicci soos sy haarself herdoop het, 'n groot teleurstelling.

Na 'n week tuis kan sy terugkeer skool toe. Sy moet egter met die skoolsielkundige, mevrou Dykstra, gaan praat om haar **traumatiese ervaring te kan verwerk**. Intussen vind sy uit dat die jong seun wat by die rooftog betrokke was homself aan die polisie oorgegee het en 'n klag teen sy mede-rower ingedien het. Nicci moes ook die man met die blou helm wat haar aangerand het by die polisiestasie tydens 'n uitkenningsparade identifiseer. Nicci vind egter uit dat die jong seun ook 'n pasiënt van mevrou Dykstra is. Gevolglik is Nicci in 'n **innerlike stryd** gewikkel om die jong seun te vergewe weens sy opregte berou en persoonlike omstandighede.

Nicci se ouers, broer en vriende staan haar deurgaans by. Veral haar beste vriendin, **Felicity**, asook Felicity se broer, **Godfrey**, is besonder ondersteunend. Alhoewel Nicci aanvanklik tot een van haar mede-fietsryers Evan aangetrokke voel, ontwikkel haar vriendskap met Godfrey stelselmatig en aan die einde van die roman stem Nicci in om saam met Godfrey na die matriekdans te gaan.

As deel van Godfrey se plan om Nicci weer sover te kry om haar spiere te behou, stel hy voor dat sy weer **balletklasse** bywoon wat sy as dertienjarige gelos het weens haar jaloesie teenoor **Helma**, Evan se meisie wat altyd die hoofrolle in balletopvoerings gekry het. In die proses vind Nicci ook uit dat Godfrey in die geheim steeds balletklasse neem en hulle besluit gevolglik om saam aan die skool se **talentkompetisie** deel te neem. Hul optrede is 'n triomf en hulle word as die wenners van die talentkompetisie aangewys.

Die roman behandel belangrike onderwerpe soos **misdaad, groepsdruk, geslagsrolle, stereotipes, verlies, soeke na identiteit, trauma, verdraagsaamheid asook vergifnis**. Die aanhalings aan die begin van elke hoofstuk bied 'n interessante blik op die hoofkarakter se gevoelens en sluit tematies by talle van die temas in die roman aan.

Die roman bevat ook heelwat **inligting oor fietsry, bergfietse en ballet** wat belangstellende lesers se aandag sal prikkel. Nicci se verhaal kan as universeel beskou word aangesien talle tieners (asook volwassenes) hulself op een of ander tyd in hul lewe moontlik in Nicci se skoene kan bevind hetsy as 'n slagoffer van misdaad, stereotipering op grond van geslag of selfs die moeilike innerlike reis om te kan vergewe.



**Lees Magdel Vorster se resensie van die roman op *LitNet*:**

**<https://www.litnet.co.za/pienk-is-nie-vir-sissies-nie-deur-christien-neser-n-resensie/>**

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

### CHRISTIEN NESER



(Erkenning: Hanneri de Wet)

Christien Nesor is 'n spraakterapeut van Bryanston, Johannesburg. Sy het haar eerste boek, *Kondensmelk* (Lapa) in 2009 gepubliseer. Dit was die begin van die gewilde Elle-reeks, waarvan boek 8 in 2017 verskyn het. In 2013 verskyn *Amper Einstein*. Nes Nicci, die hoofkarakter in haar boek *Pienk is nie vir sissies nie* (Tafelberg, 2018) is Christien ook tuis op 'n bergfiets. In 2020 het *Absoluut Einstein* verskyn.

Besoek <https://www.nb.co.za/af/authors?authorId=21>

Vir verdere inligting oor die skrywer besoek  
<https://christienneser.com/oor-christien/>.

## LITERÊRE BEGRIPPE

### ROMAN - DEFINISIE

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80).

Die roman is ’n **prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handeling” (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as ’n beskrywing van die handeling.



### DIE VERTELLER

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Pienk is nie vir sissies nie* is die **skrywer Christien Nesor en die verteller is ’n derdepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

#### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handeling of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

#### ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

#### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **bepaalde alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters (**In *Pienk is nie vir sissies nie* is dié karakter Nicolene Rust**). Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.





## FOKALISASIE – WIE SIEN?

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

### VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd:** Die term ‘verteltyd’ verwys volgens Brink (1987:92) na “die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel”. **(Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)**

**Vertelde tyd:** Die ‘vertelde tyd’ dui op “die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word” (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die ‘vertelde tyd’ die ‘leestyd’ wat “meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke”.

Die jeugroman *Pienk is nie vir sissies nie* se **verteltyd** strek dus oor **159 bladsye** bestaande uit **vier-en-twintig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor ’n **aantal maande**.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.

## TYDSVERLOOP

### CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

### ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Die tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitse** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die roman *Pienk is nie vir sissies nie* is die verloop van tyd **chronologies**.

## RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Pienk is nie vir sissies nie* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is in **Johannesburg**.

## INTRIGE

### RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

### TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: misdaad, stereotipes, verlies, trauma, vergifnis, soeke na 'n eie identiteit, verdraagsaamheid, ens.**

### TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die roman is dus ***Pienk is nie vir sissies nie***. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel sluit ook dikwels by 'n tema of temas uit die verhaal aan. **(Op bl. 157 sê Nicci vir Godfrey: "Pienk is nie vir sissies nie. Nie meer nie.")**

## BOTSINGS OF KONFLIK


Twee tipes botsings kan in 'n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos 'n argument of selfs net 'n deurborende kyk van een karakter na 'n ander. **Voorbeeld: Die man met die blou helmet wat vir Nicci met 'n baksteen teen die kop geslaan het.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed.** Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer 'n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Nicci kan nie verstaan waarom die rowers haar vir 'n seun aangesien het nie.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing, ensovoorts insluit.

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur 'n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan 'n daadwerklike botsing tussen 'n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweeskoot afgaan.



## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Nicolene Rust is die hoofkarakter** (protagonis) in die roman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook 'n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkaracters genoem.** Hierdie karacters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Pienk is nie vir sissies* nie sal Evan, Godfrey, Felicity, Sizwe en Enoch 'n voorbeeld van newekarakters wees.**

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

#### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karacters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.

#### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handeling asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.

KARAKTER	KARAKTEREIEISKAPPE
<b>Nicolene (Nicci) Rust</b>	Nicci is die hoofkarakter in die roman. Sy is vyftien en 'n driekwart jaar oud en in graad tien. Sy woon in Johannesburg saam met haar ma, pa en ouer broer, Ben. Sy hou baie van fietsry en lees gereeld haar klein geel fietsrybybel getiteld <i>The Quotable Cyclist</i> . Sy hou nie meer van die kleur pienk nie en het haar hare kort gesny nadat sy ophou ballet doen het. Haar beste vriendin se naam is Felicity. Sy hou nie van Helma nie en is heimlik verlief op Evan. Sy noem haar fiets "Nix". Sy het lang bene en dra 'n nommer sewe skoene. Haar naam is "'n samestelling van haar ma en pa se name naamlik Helene en Nic. Sy was ses jaar oud toe sy begin ballet doen het. Toe sy dertien jaar oud was, het sy ophou balletklasse neem en ook ophou dans.
<b>Helene Rust</b>	Helene is Nicci se ma. Sy is 'n Engels-onderwyser en is altyd besorg oor die matrieks wat sy onderrig. Sy is 'n baie streng onderwyser en 'n beheervraat. Haar bynaam by die skool is "Verb Viper" omdat sy so streng oor die korrekte gebruik van die werkwoord is. Sy wil graag hê dat Nicci meer vroulik moet optree en lyk en kritiseer gereeld haar liefde vir fietsry aangesien sy van mening is dat dit gevaarlik is.
<b>Ben Rust</b>	Ben is Nicci se ouer broer. Hy is in graad twaalf. Hy geniet dit ook om saam met Nicci en sy pa bergfiets te ry, maar hy fokus vanjaar meer op sy akademie aangesien hy na skool ingenieurswese wil gaan studeer. Sy beste vriend, Godfrey, help hom met wiskunde.
<b>Nic Rust</b>	Nic is Nicci se pa. Hy is 'n aktebesorger van beroep. Hy en sy vriend, Ned, rig Saterdag 'n span jong ryers van Diepsloot af.
<b>Oom Ned</b>	Oom Ned is vriende met Nicci se pa. In sy vrye tyd bou hy fietse in sy garage op. Hy het Nicci se fiets gebou wat haar ouers vir haar as Kersgeskenk gegee het. Hy is van Britse afkoms en praat min Afrikaans alhoewel hy die taal baie goed verstaan. Hy praat <i>Eastender</i> -Engels. Hy het 'n teddiebeerlyf en ry ook saam met die groep fiets.

<b>Tannie Adèle</b>	Tannie Adèle is Nicci se tante en haar ma se suster. Sy is baie snobisties en beskryf Nicci as 'n "geflopte seun".
<b>Evan Evenhuis</b>	Evan is vriende met Ben en Godfrey. Hy is in graad twaalf en sy meisie se naam is Helma. Hy is 'n lid van die fietsryklub.
<b>Godfrey Tshuma</b>	Godfrey is sedert graad twee Ben se beste vriend. Hy is baie slim en praat sewe tale vlot. Hy neem drie tale vir matriek, is debatkaptein en die topredenaar. Hy help Ben met wiskunde. Hy is lank, maer, het groot bruin oë en dra 'n bril. Hy is 'n goeie vriend van Nicci. Hy is een van die fietsryklub se sterre. Hy neem in die geheim balletklasse by Miss Molly.
<b>Felicity Tshuma (Bynaam: Felice)</b>	Felicity is Godfrey se suster. Hulle het dieselfde ma, maar verskillende pa's. Sy is kort en rond. Sy en Nicci is sedert Graad R maats toe hulle mekaar in Snippe en Snuiters se sandput ontmoet het. Felicity is baie uitgesproke met 'n klein hartjie. Sy is minder akademies ingestel as haar broer. Sy en haar broer dra hulle ma se van en sy praat nooit oor haar pa nie. Sy het 'n tyd gelede haar kop kaal geskeer aangesien sy nie meer elke maand haar vlegsels wou laat oorvleg nie.
<b>Enoch</b>	Enoch is een van die fietsryers wat Nicci se pa in Diepsloot gaan haal om hulle met fietsrylesse af te rig. Hy is langer as Sizwe.
<b>Sizwe</b>	Sizwe is een van die fietsryers wat Nicci se pa in Diepsloot gaan haal om hulle met fietsrylesse af te rig. Hy is korter as Enoch.
<b>Helma</b>	Helma is Evan se meisie en hoofmeisie van hulle hoërskool. Sy doen ballet en word deur Nicci as 'n "godin" beskryf. Helma is 'n ballerina en het altyd die hoofrol met die tutu gekry. Sy het tydens die laaste balletkonsert die rol van Die Suikerfeetjie vertolk. Sy is blond, lening en rondborstig met 'n hees stem. Sy is 'n finalis in SportCalendar se kompetisie.

<b>Tannie Gladys</b>	Tannie Gladys is Felicity en Godfrey se ma. Sy werk as die Algemene terreinbestuurder by die hoërskool. Party mense noem haar die burgemeester, want sy dra die sleutels van die skool aan 'n ketting om haar nek. Sy sluit alle laatkommers uit en trek die uitglippers vas.
<b>Mevrou Beneke</b>	Mevrou Beneke is die kultuurhoof by die hoërskool. Sy bied ook Afrikaans as vak aan.
<b>Meneer De Lange</b>	Hy onderrig wiskunde.
<b>Gemmer</b>	Gemmer is Nicci se kat. Hy is amper so oud soos Nicci. In katjare is hy dus 'n ou man.
<b>Tannie Rien</b>	Tannie Rien werk as sekretaresse by die skool se ontvangstonbank. Sy dra 'n bril.
<b>Inspekteur Willemse</b>	Inspekteur Willemse werk by die Parkwood polisiestase. Sy ondersoek die rooftog waartydens Nicci aangeval en beroof is. Sy is effens plomp, dra 'n bril, pienk lipstiffie en het muisagtige hare met sonstrepe.
<b>Mevrou Meryl Dykstra</b>	Mevrou Dykstra is die skoolsielkundige. Sy het wilde rooi hare en dra bont klere soos 'n soort priester met 'n groot donkerraambрил.
<b>Dylan Jong outjie (rower)</b>	Engels is nie sy huistaal nie. Hy is heel waarskynlik Afrikaanssprekend. Hy is simpatiek teenoor Nicci tydens die rooftog. Sy voortand is getjip. Hy het vaalblonde hare, ligblou oë, wit wimpers en dra ook nommer sewe grootte skoene soos Nicci. Sy pinkienael is potblou. Hy het homself aan die polisie oorhandig en 'n klag teen sy mede-rower gelê. Hy is nog minderjarig (14 jaar oud).
<b>Man met blou helmet (rower)</b>	Hy is 'n wit man met 'n swak ken en 'n hangsnor. Hy het nie 'n middelvinger aan sy regterhand nie.
<b>Dok Daan</b>	Dokter Daan is 'n plastiese chirurg. Hy ry Sondag saam met Nicci-hulle fiets. Hy het Nicci behandel terwyl sy in die hospitaal was.
<b>Thembi</b>	Sy is een van die finaliste in SportsCalendar se kompetisie.
<b>Antonia</b>	Antonia is een van Nicci se klasmaats. Hulle is in dieselfde registerklas.

<b>Danie</b>	Danie is 'n werker by die hoërskool.
<b>Papa</b>	Die eienaar van die pandjieswinkel in die middestad.
<b>Miss Molly</b>	Miss Molly is die instrukteur by die balletskool waar Nicci, Godfrey en Felicity balletklasse geneem het toe hulle jonger was.
<b>Mevrou Marx</b>	Netbalafrigter. Sy word as 'n mislike mens beskryf.
<b>Lauren Cummings</b>	Sy is die skool se sopraan (sanger). Sy het die vorige jaar die skool se talentkompetisie gewen.
<b>Dik Frik</b>	Hy is die eerste rugbyspan se stut.



Tafelberg



## AFDELING B: LEES


“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

### WENK

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermyn ook om vrae gebaseer op die roman vir ‘tuiswerk’ te gee. Staan tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**



“Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**” (KABV, 2011:23).

## HOOFSTUK 1

### Opsomming:

Nicci word wakker en haar kat, Gemmer, krap haar been omdat sy hom pla. Sy merk op dat Gemmer al oud is. Sy vat die vet geel boekie op haar bedkassie om 'n stukkie te lees. Sy sit die pienk boekie wat haar ma elke dag bo-op die ander boeke sit op die boek wat sy die vorige aand gelees het, neer. Sy lees 'n gedeelte uit *The Quotable Cyclist*. Sy besef dat sy oor vyftien minute by die spruit moet wees om die groep fietsryers te ontmoet. Haar pa het twee nuwelinge in Diepsloot gaan oplaai wat by die fietsrygroep gaan aansluit. Na ontbyt jaag Nicci deur die strate spruit toe. Sy is van plan om die ander lede van die groep ore aan te sit. Sy ontmoet vir Sizwe en Enoch. Sy bloos toe Evan haar vra of sy daardie dag weer harte gaan breek. Nicci is vasbeslote om die groep op Heartbreak Hill verby te steek.

### Kontekstuele vrae:

- 1.1. Verduidelik waarom Nicci haar kat, Gemmer, as 'n “ou man” beskryf.
- 1.2. Skryf die titels van die drie boeke wat voor Nicci se bed lê neer.
- 1.3. Waarom plaas Nicci se ma elke dag *Die pienk boekie vir meisies* bo-op die ander boeke? Verduidelik.
- 1.4. Waaroor handel Riaan Manser se verhaal wat Nicci lees?
- 1.5. Watter tipe fietsryer is Nicci?
- 1.6. Verduidelik waarom Nicci se pa vroegoggend Diepsloot toe gery het.
- 1.7. Watter beroep beoefen Nicci se ma?
- 1.8. Wat lei jy af uit Nicci se beskrywing van Evan? Verduidelik.
- 1.9. Wie het daardie oggend nuut by die groep aangesluit?
- 1.10. Watter aktiwiteit gaan die groep vandag beoefen?

## HOOFSTUK 2

### Opsomming:

Nicci is baie gelukkig aangesien sy voor die res van die groep is. Sy berei haarself voor om Heartbreak Hill uit te ry. Daarna jaag sy vinnig tot by die Engen waar hulle altyd koffie drink. Sy besef die twee nuwe fietsryers is fiks, maar twyfel of hulle tegniek goed genoeg is om haar verby te steek. Nicci is bewus van die feit dat haar ma voel sy moet meer vroulik optree veral nadat sy haar lang hare kort gesny het. Nicci het egter besluit om alles wat pienk is af te sweer. Sy wil nie soos Helma wees met 'n pienk leotard en 'n bollatjie op haar kop nie. Nicci is van mening dat meisies ook goeie fietsryers kan wees. Ten spyte van haar ma se vooroordele is haar beste vriendin, Felicity, ondersteunend. Nicci se plan is om vandag vir Godfrey, Felicity se broer, weg te ry om hom sodoende in die verleentheid te stel.

### Kontekstuele vrae:

- 2.1. In watter stad woon Nicci en haar gesin?
- 2.2. Wat beteken die gesegde: “Om die manne van die muise te skei”?
- 2.3. Verduidelik hoe Nicci haar klubnaam “Nix” gekry het.
- 2.4. Hoekom was Nicci se ma kwaad toe sy haar hare kort gesny het? Verduidelik.
- 2.5. Hoe sal jy reageer indien jou dogter haar lang hare afsny? Bespreek.
- 2.6. Verduidelik hoe Nicolene haar naam gekry het.
- 2.7. Wat bedoel Nicci wanneer sy sê: “Pas op! Hierdie een speel dalk vir die ander span”? (bl. 18)
- 2.8. Wie is Nicci se beste vriendin?
- 2.9. Wat is die verhouding tussen Godfrey en Felicity?
- 2.10. Verduidelik hoe Nicci Felicity se dag gaan maak.

## HOOFSTUK 3

### Opsomming:

Nicci ry vir die eerste keer met die BikePro wat op haar helmet vasgemaak is. Haar pa en Ben het dit die vorige aand op haar helmet vasgemaak. Nicci se ma was ontsteld oor die BikePro, maar Nicci het haar nie aan haar ma gesteur nie. Sy wil die video van haar fietsrit aflaai en vir Felicity stuur. Oom Ned is Nicci se pa se vriend en hy het Nicci se fiets gebou wat haar ouers die vorige jaar as Kersgeskenk vir haar gegee het. Nicci se broer het vertel dat Godfrey die vorige week geval het. Hy fokus deesdae meer op sy skoolwerk as op fietsry aangesien hy in matriek is. Godfrey help haar broer met sy wiskunde. Hy is baie slim en praat sewe tale vlot. Nicci hoop dat sy later in die jaar aan die Nasionale Kampioenskapbyeenkoms in Pietermaritzburg kan deelneem. Toe iemand skielik langs die voetpad verskyn wonder Nicci of sy moet stop om hulp aan te bied. Sy sien egter nie hul fietse nie en word deur 'n ou met 'n blou helmet van haar fiets afgepluk. Hy rig 'n kortneusrewolwer op Nicci.

### Kontekstuele vrae:

- 3.1. Waar het Nicci die BikePro gekry wat op haar helmet vasgemaak is?
- 3.2. Waarom is Nicci se ma daarteen gekant dat haar pa die BikePro op Nicci se helmet vasmaak? Verduidelik.
- 3.3. Wie is "Nix"?
- 3.4. Beskryf die voorkoms van Nicci se fiets.
- 3.5. Waarna verwys die name "Santa Cruz", "Merida" en "Trek Slash"?
- 3.6. Waarom is Nicci se broer, Ben, op die oomblik meer bekommerd oor sy punte as oor fietsry? Verduidelik.
- 3.7. Wie is tannie Gladys?
- 3.8. Wie het skielik langs die voetpad verskyn?
- 3.9. Wat was Nicci se aanvanklike reaksie op die individue langs die voetpad?
- 3.10. Verduidelik waarom iemand Nicci van haar fiets afgeruk het.

## HOOFSTUK 4

### Opsomming:

Die man met die blou helmet hou die rewolwer teen Nicci se kop en dring daarop aan dat sy haar selfoon aan hulle oorhandig. Die klein outjie deursoek haar, maar vind geen selfoon nie. Haar rugsak word afgeruk en toe die man met die blou helmet niks van waarde daarin vind nie, slaan hy Nicci met 'n baksteen teen haar kop. Sy hoor hoe haar helmet met die tweede slag kraak. Nicci word van haar fiets, haar fietsryskeene, helmet en haar duur sonbril beroof. Die jong outjie jaag weg in die rigting van die grootpad terwyl die man in die spruit se rigting verdwyn. Nicci is ontsteld omdat hulle gedink het dat sy 'n seun is.

### Kontekstuele vrae:

- 4.1. Wat is die eerste item waarna die rowers gesoek het?
- 4.2. Hoekom, dink jy, het die man met die blou helmet Nicci met die baksteen oor haar kop geslaan? Verduidelik.
- 4.3. Wat merk Nicci op omtrent die jong outjie? Noem drie dinge.
- 4.4. Verduidelik waarom Nicci ontsteld is toe haar nuwe Rudy Projects-bril gevat word.
- 4.5. Wat merk Nicci op omtrent die hand van die man wat die rewolwer vashou?
- 4.6. Wie, dink jy, is "Papa"?
- 4.7. Waarom voel Nicci selfbewus oor haar skoengrootte?
- 4.8. Wie het met Nicci se fiets verdwyn?
- 4.9. Ten spyte van die rooftog, waarom was Nicci baie ontsteld? Verduidelik.
- 4.10. Hoe sou jy gevoel het indien jy jouself in Nicci se posisie bevind het? Verduidelik.

## HOOFSTUK 5

### Opsomming:

Godfrey en Ben kom op die toneel af. Godfrey vra vir Nicci of sy geval het, maar Ben sê vir hom dat sy beroof is. Evan trek sy fietsryhemp uit, maak dit nat met water uit sy fietsrybottel en maak haar gesig skoon. Hy druk haar teen hom vas om haar te troos. Godfrey vra vir Nicci waar sy beseer is en sy wys na haar kop. Evan neem foto's van

Nicci en Godfrey raas met hom. Godfrey bel Nicci se pa terwyl Evan op facebook besig is. Ben neem die foon by Godfrey en verduidelik wat gebeur het en waar hulle is. Enoch tel 'n stuk van Nicci se BikePro op. Toe haar pa arriveer, snik Nicci onbeheersd. Sy huil egter meer oor haar hart wat seer is aangesien die rowers haar vir 'n seun aangesien het.

### **Kontekstuele vrae:**

- 5.1. Wie het eerste op die toneel aangekom waar Nicci beroof is?
- 5.2. Watter beserings het Nicci opgedoen?
- 5.3. Waarna verwys die "Hunger Games" waarna Nicci op bl. 36 verwys?
- 5.4. Waarom dink Nicci dat Sizwe en Enoch seker nooit weer saam met hulle sal wil fietsry nie? Verduidelik.
- 5.5. Wat beteken dit om iemand se "oogappel" te wees? Verduidelik.
- 5.6. Wie het 'n gedeelte van Nicci se BikePro op die toneel gevind?
- 5.7. Wat is Nicci se definisie van geluk?
- 5.8. Met watter vraag worstel Nicci nadat Sizwe vir haar gesê het dat sy maar kan huil? Verduidelik.
- 5.9. Indien jy vir Nicci in die veld gevind het, hoe sou jy opgetree het om haar te help?
- 5.10. Hoe sou jy voel indien iemand jou vir die teenoorgestelde geslag aansien?

## **HOOFSTUK 6**

### **Opsomming:**

Die res van die groep fietsryers daag op om Nicci te help. Beide oom Ned en haar pa raas met Nicci omdat sy nie saam met Ben en Godfrey gery het nie. Dok Daan neem Nicci by oom Ned en dra haar tot by die pad waarna hulle haar na die hospitaal gaan neem met haar pa se Cruiser wat Ben en Evan gaan haal het. Dok Daan beklemtoon dat Nicci nie aan die slaap moet raak nie en wakker moet bly. Sizwe en Enoch gaan saam met oom Ned na die garage om ontbyt te eet terwyl Nicci tussen Ben en Godfrey in die Cruiser sit om hospitaal toe geneem te word. Enoch kom sê vir Nicci dat dit net 'n fiets is. Nicci wil egter haar Nixie terug hê.

### **Kontekstuele vrae:**

- 6.1. Gee 'n kort beskrywing van oom Ned.
- 6.2. Verduidelik waarom Dok Daan nie wil toelaat dat Nicci aan die slaap raak nie.
- 6.3. Wat is die belangrike klubreël wat oom Ned aan Nicci beklemtoon?
- 6.4. Watter tipe dokter is Dok Daan?
- 6.5. Na wie verwys die name “Selina”, “Taylor” en “Angelina”?
- 6.6. Na watter hospitaal gaan hulle Nicci neem?
- 6.7. Wie gaan die Blitspatrolie van die rooftog in kennis stel?
- 6.8. Waaroor wil Enoch vir Nicci troos? Verduidelik.

## **HOOFSTUK 7**

### **Opsomming:**

Nicci bevind haarself in die hospitaal. Sy voel aan haar beserings. Godfrey en Ben sit by haar in die kamer en is bly dat sy wakker is. Nicci vra of sy volgende Saterdag sal kan fietsry aangesien sy gereed moet wees vir die proewe. Dok Daan lig haar egter in dat sy vir die volgende maand of drie van fietsry kan vergeet weens haar beserings. Nicci is bitter teleurgesteld en begin huil. Dok Daan troos haar en sing vir haar 'n liedjie. Sy is boonop kwaad vir die dieewe wat haar fiets gesteel het. Maar sy is egter die kwaadste vir haarself aangesien sy nie by Ben, Evan en Godfrey gebly het nie en dat die dieewe haar vir 'n seun aangesien het.

### **Kontekstuele vrae:**

- 7.1. Wie het by Nicci gesit terwyl haar ma en pa koffie gaan drink het?
- 7.2. Wat beteken die gesegde “onkruid vergaan nie”? Verduidelik.
- 7.3. Watter teleurstellende nuus dra Dok Daan aan Nicci oor?
- 7.4. Waaroor huil Nicci nadat Dok Daan die teleurstellende nuus aan haar oorgedra het?
- 7.5. Maak 'n lys van alles waaroor Nicci kwaad is.
- 7.6. Watter aktiwiteit het Nicci beoefen voordat sy begin fietsry het?


7.7. Waarom, dink jy, het Nicci met die aktiwiteit in **vraag 7.6.** opgehou? Verduidelik.

7.8. Wat bedoel Nicci se ma wanneer sy sê: “Pas op vir die blinde sambok. Jy gaan eendag spyt wees”?

## HOOFSTUK 8

### Opsomming:

Nadat haar ouers en oom Ned huis toe is, lê Nicci oor al die gebeure en dink. Haar ouers sowel as oom Ned het vir Nicci 'n preek afgesteek oor haar onverskillige gedrag. Godfrey sit egter steeds langs haar hospitaalbed. Hy bied aan om vir haar voor te lees uit *Einstein and the Art of Mindful Cycling*. Godfrey sê vir Nicci dat sy net haar hand moet oplig wanneer sy moeg is en wil slaap. Hy sal dan ophou lees. Godfrey probeer Nicci oorreed dat om te wen nie alles in die lewe is nie. Nicci kom tot die besef dat die ou in die blou helmet daarin geslaag het om te doen wat haar ma nie kon doen nie: Hy het die Nix uit haar uitgetimmer.



### Kontekstuele vrae:

8.1. Hoe oud is Nicci?

8.2. Waaroor was Nicci baie verleë (skaam)? Verduidelik.

8.3. Wie het langs Nicci se hospitaalbed gebly nadat almal anders huis toe is?

8.4. Wat gaan die persoon in **vraag 8.3.** daardie aand vir Nicci doen?

8.5. Wat is die titel van die boek wat aan Nicci voorgelees word?

8.6. Waarom, dink jy, het Godfrey juis hierdie boek gekies om voor te lees?

8.7. Wat het die ou met die blou helmet volgens Nicci reggekry? Verduidelik.

## HOOFSTUK 9

### Opsomming:

Nicci is steeds in die hospitaal. Felicity vertel vir haar dat haar ma haar toestemming gegee het om tydens skooltyd vir haar in die hospitaal te kom kuier. Sy waarsku ook vir Nicci dat sy binnekort 'n besoek van die hoofmeisie kan verwag en dat die onderwysers vir haar 'n gebedskring by die skool gehou het. Die woonbuurtes langs



die spruit gaan daardie aand 'n vergadering oor veiligheid hou. Nicci vertel vir Felicity 'n geheim. Nicci vra vir Felicity of sy soos 'n seun lyk en loop. Felicity verseker haar dat daar niks met haar voorkoms skort nie. Die verpleegster kom raas met die twee meisies en sê vir hulle dat besoektyd verby is. Sy lig ook vir Nicci in dat die polisie met haar wil praat.

### **Kontekstuele vrae:**

- 9.1. Waaruit kan die leser aflei dat Nicci se beserings baie ernstig is? Bespreek.
- 9.2. Watter geskenk kan Nicci verwag om van die leerders te ontvang?
- 9.3. Hoekom, dink jy, waarsku Felicity vooraf vir Nicci oor die tipe geskenk wat sy gaan ontvang? Verduidelik.
- 9.4. Wat is die "geheim" wat Nicci met Felicity deel?
- 9.5. Wat is Felicity se antwoord op Nicci se geheim?
- 9.6. Wie daag onverwags op om met Nicci in die hospitaal te praat?
- 9.7. Wie sal jy beskou as die persoon wat die rol van Felicity in jou eie lewe sal vertolk? Bespreek.

## **HOOFSTUK 10**

### **Opsomming:**

Inspekteur Willemse besoek Nicci in die hospitaal om haar verklaring af te neem. Toe Felicity die polisievrout sien, draai sy dadelik om en verlaat die hospitaalkamer. Die insprekteur vra Nicci uit oor haar selfoon. Nicci dink dat die rowers haar selfoon gevat het wat in die sakkie onder haar fiets se saal was. Godfrey kom by die hospitaalkamer ingeloo en sê vir die inspekteur dat hy Nicci se selfoon sal kan probeer opspoor. Die inspekteur sê dat Godfrey die inligting oor die selfoon vir haar moet bring en nie self speurder moet probeer speel nie. Sy raas ook met Nicci omdat sy alleen met haar fiets gery het. Nicci moet die polisie met 'n identikit help sodra sy ontslaan word. Nicci het egter vergeet om die inspekteur van die mikroskyfie en die silwer-Sint Christopher wat binne-in haar regterhandvatsel vasgemaak is te vertel. Nicci vertel ook vir die inspekteur dat die rowers haar vir 'n seun aangesien het. Nadat die inspekteur weg is, gryp Godfrey sy tablet om Nicci se selfoon op te spoor. Die adres is egter haar eie

straatadres. Sy besef egter dat haar foon iewers in haar slaapkamer lê. Nicci is baie teleurgesteld. Godfrey lees weer vir haar voor.

**Kontekstuele vrae:**

- 10.1. Skryf 'n kort beskrywing van inspekteur Willemse se voorkoms.
- 10.2. Hoe stel Godfrey voor kan hy Nicci se selfoon opspoor? Verduidelik.
- 10.3. Wat moet Nicci by die polisiestrasie doen nadat sy ontslaan word?
- 10.4. Watter belangrike inligting omtrent haar fiets het Nicci aanvanklik nagelaat om aan inspekteur Willemse oor te dra?
- 10.5. Wie is Sint Christopher?
- 10.6. Waar het Godfrey Nicci se selfoon opgespoor?
- 10.7. Na wie verwys die naam "Sherlock"?
- 10.8. Dink jy dit is wys om met 'n selfoon fiets te ry? Verduidelik.

**Google "Phonefinder" om uit te vind hoe die toep op jou foon werk.**

## HOOFSTUK 11

### Opsomming:

Nicci is nie meer seker hoe lank sy al in die hospitaal is nie. Sy was baie opgewonde nadat sy 'n boodskap van Evan via Godfrey en Ben ontvang het wat sê dat hy haar in die hospitaal gaan kom besoek. Nadat sy lank gewag en begin moed opgee het, hoor sy Evan se stem. Sy sien egter eerste vir Helma wat langs haar bed staan. Nicci is teleurgesteld aangesien sy nie vir Helma wil sien nie. Evan sê vir Nicci dat hulle nie lank kan bly nie aangesien besoektyd reeds verby is. Hulle was egter laat vir besoektyd aangesien Helma se fotosessie langer aangehou het. Helma en Evan verras Nicci met 'n yslike pienk teddiebeer. Helma vra die verpleegster om 'n foto te neem aangesien sy liefdadigheidswerk as finalis vir SportsCalendar se kompetisie moet doen. Dit is duidelik dat Helma se besoek bloot vir haar eie gewin is. Nicci is boonop vies omdat Evan na haar as sy "sussie" verwys. Sy voel hartseer dat Evan nie deur Helma se karakterfoute kan sien nie.

### **Kontekstuele vrae:**

- 11.1. Waarom, dink jy, is Nicci so opgewonde oor Evan se besoek? Verduidelik.
- 11.2. Verduidelik waarom Nicci nie van Helma hou nie.
- 11.3. Wat het Godfrey, Nicci en Felicity by Miss Molly gedoen toe hulle jonger was?
- 11.4. Watter geskenk het Helma namens die skool aan Nicci oorhandig?
- 11.5. Verduidelik wat die eintlik rede van Helma se besoek aan Nicci was.
- 11.6. Waarom skree Nicci wanneer die teddiebeer naby haar gesig geplaas word? Verduidelik.
- 11.7. Wie is een van Helma se opponente in die SportsCalendar-kompetisie?
- 11.8. Hoekom is Nicci kwaad toe Evan na haar as sy “sussie” verwys? Bespreek.
- 11.9. Hoe sou jy gevoel het indien jy jouself in Nicci se posisie bevind het?
- 11.10. Wat is jou mening oor skoonheidskompetisies? Bespreek.

## **HOOFSTUK 12**

### **Opsomming:**

Nicci voel gefrustreerd. Sy wil ontslaan word en huis toe gaan. Ben raas met Nicci omdat sy nie gelukkig is oor die pienk teddiebeer nie. Nicci steur haarself egter nie daaraan nie aangesien Helma die teddiebeer vir haar gebring het. Enoch en Sizwe besoek Nicci in die hospitaal. Sizwe gee 'n A4-folio vir Nicci. Wat sy op die folio sien, skok haar. Enoch sê vir Nicci dat hy en Sizwe die vel papier (folio) aan die polisie gaan oorhandig. Dit is 'n belangrike bewysstuk. Nicci gee vir Sizwe inspekteur Willemse se kaartjie. Nicci haal lekkers uit haar bedkassie se laai en hulle sit heerlik en gesels terwyl hulle die lekkers eet. Hulle lag lekker oor Sizwe se verhaal oor die wyse waarop hy met sy fiets geval het. Enoch en Sizwe het Nicci daardie dag beter laat voel.

**Let wel: Op bl. 76 word daar verkeerdelik na inspekteur Willemse as “Inspector Williams” verwys. Bring dit onder die leerders se aandag.**

### **Kontekstuele vrae:**

- 12.1. Waarom voel dokter Daan dat Nicci nog nie gereed is om huis toe gestuur te word nie?
- 12.2. Wie het Nicci onverwags in die hospitaal kom besoek?
- 12.3. Watter belangrike dokument oorhandig Sizwe aan Nicci?
- 12.4. Beskryf die voorkoms van die man op die foto wat Sizwe vir Nicci gewys het.
- 12.5. Waar het Sizwe die foto van die man gekry?
- 12.6. Skryf 'n kort opsomming van Sizwe se storie oor die vernederende wyse waarop hy met sy fiets geval het.
- 12.7. Het jy al 'n vernederende oomblik ervaar terwyl jy op jou fiets, branderplank, rolskaatse of skaatsplank gery het? Deel jou storie met jou klasmaats.

## **HOOFSTUK 13**

### **Opsomming:**

Nicci is ontslaan en moes 'n week by die huis bly. Sy gaan terug skool toe. Sy was baie verveeld by die huis aangesien sy nie langer as 'n uur per dag televisie kon kyk nie. Smiddae het Godfrey vir haar kom kuier. Felicity het ook gereeld kom inloer. Godfrey wil egter vir Nicci oorreed om iets anders as fietsry te oorweeg. Voor skool troos Nicci se ma haar. Ben kondig aan dat die plan van aksie verander het. Nicci moet saam met haar pa na die polisiestrasie gaan om aan 'n uitkenningssparade deel te neem. 'n Klomp vriende daag by Nicci se huis op om haar te ondersteun. Evan het egter nie opgedaag om Nicci by die polisiestrasie te ondersteun nie en laat haar teleurgesteld voel. Sy is egter bly dat sy wel goeie, opregte vriende het wat haar tydens hierdie moeilike tydperk ondersteun.

### **Kontekstuele vrae:**

- 13.1. Waarom het die dokter Nicci verbied om nie langer as 'n uur per dag televisie te kyk nie? Verduidelik.
- 13.2. Wat het Godfrey gedoen om Nicci minder verveeld te laat voel?
- 13.3. Watter belangrike raad gee Godfrey vir Nicci oor fietsry?
- 13.4. Watter aktiwiteit stel Godfrey voor moet Nicci in plaas van fietsry beoefen?

- 13.5. Wat doen Nicci se ma om haar voor skool beter te laat voel?
- 13.6. Waarom kon Nicci se ma nie saam met haar na die polisiestasie gaan nie?
- 13.7. Wie is mevrou Dykstra?
- 13.8. Wat moet Nicci doen wanneer sy by die skool aankom?
- 13.9. Wie het almal saam met Nicci en haar pa na die polisiestasie gegaan?
- 13.10. Indien jy 'n rower by 'n polisiestasie moes uitken, wie sou jy vir ondersteuning wou saamneem? Verduidelik.

## HOOFSTUK 14

### Opsomming:

Nicci en haar pa is by die polisiestasie. Inspekteur Willemse lig haar pa in dat die medepligtige homself aan die polisie oorhandig het en 'n klag teen sy mede-rower gelê het. Aangesien die medepligtige minderjarig is, werk die polisie aan 'n beskermingsprogram en het sy pa gevra om hom na 'n ander skool te skuif. Nicolene moet die man uitken wat haar aangerand het. Inspekteur Willemse verduidelik die proses aan Nicci. Nadat Nicci haar aanvaller geïdentifiseer het, gaan hulle na die bewysstoor om haar fiets te identifiseer. Oom Ned bied aan om die raam na die hofsaak vir Nicci oor te spreid. Nicci wys dit egter van die hand. Nicci gaan terug skool toe vir haar afspraak met mevrou Dykstra.

### Kontekstuele vrae:

- 14.1. Watter beroep beoefen Nicci se pa?
- 14.2. Waarom mag die persoon wat homself aan die polisie oorhandig het nie geïdentifiseer word nie? Verduidelik.
- 14.3. Watter bewys het die inspekteur dat die staatsgetuie die waarheid praat?
- 14.4. Watter belangrike bewysstuk het die inspekteur gehad wat hulle gehelp het om die man met die blou helmet te identifiseer?
- 14.5. Kan die mans wat aan die uitkenningsparade deelneem Nicci sien? Verduidelik.
- 14.6. Wat beteken dit om “in camera” te getuig? Gebruik 'n woordeboek om die betekenis na te slaan.
- 14.7. Waarna het Nicci gekyk om haar aanvaller te identifiseer?

14.8. Wat het oom Ned by die polisiestrasie gedoen?

14.9. Waarom is Godfrey van mening dat Sint Christopher Nicci beskerm het.  
Verduidelik.

14.10. Waarom gee Nicci nie om dat Enoch na haar as hulle “sista” verwys nie?  
Bespreek.

## HOOFSTUK 15

### Opsomming:

By die skool groet Nicci vir tannie Rien. Tannie Rien raak emosioneel en sê vir Nicci dat sy hulle groot laat skrik het. Nicci gaan sit op die rusbank voor mevrou Dykstra se kantoor. Terwyl Nicci wag om mevrou Dykstra te spreek, hardloop een van haar klasmaats nader en gee haar ’n stywe druk. Nicci vra Antonia om namens haar by wiskunde vir haar afwesigheid van die les verskoning te maak. Voor mevrou Dykstra se kantoor lê ’n rugsak wat Nicci as ’n fiets-junkie se rugsak identifiseer. Sy wonder wie se rugsak dit kan wees. Wanneer mevrou Dykstra se deur oopgaan, hoor sy dat die rugsak aan ’n seun behoort. Wanneer die seun oor sy los skoenveter strompel, steier hy teen Nicci vas. Nicci is geskok toe sy sien wie dit is.

### Kontekstuele vrae:

15.1. Wie is tannie Rien?

15.2. Verduidelik waarom dit nie juis moontlik is om ’n geheime afspraak met die skoolsielkundige te maak nie?

15.3. Waarom het Nicci nog nie voorheen van mevrou Dykstra se dienste gebruik gemaak nie?

15.4. Wie is “Harry Potter” waarna Nicci op bl. 92-93 verwys?

15.5. Watter idee het Godfrey om Nicci te help om haar spiere te behou nou dat sy vir ’n lang tydperk nie meer mag fietsry nie?

15.6. Hoe het dit gebeur dat Nicci vir Dylan herken het? Verduidelik volledig.

15.7. Hoe sou jy reageer indien jy jouself in ’n soortgelyke situasie as Nicci bevind het?

## HOOFSTUK 16

### Opsomming:

Nicci is te geskok om met mevrou Dykstra te gesels. Sy los vir haar 'n nota op haar lessenaar en probeer om die skoolgronde te verlaat. Voor sy die skoolgronde kan verlaat, kom tannie Gladys op haar af. Tannie Gladys nooi haar na haar woonstel op die skoolterrein om met haar te kom gesels. Nicci vertel vir tannie Gladys van die nuwe seun in die skool en waarom sy so ontsteld was toe sy hom gesien het. Tannie Gladys stel voor dat Nicci op Felicity se bed gaan slaap terwyl sy met haar ouers en mevrou Dykstra gaan gesels. Wanneer Nicci wakker word, gesels mevrou Dykstra met haar en vertel haar van Viktor Frankl. Nicci vind ook uit hoe dit gebeur het dat Dylan juis vir mevrou Dykstra by haar hoërskool kom spreek het. Nicci besluit dat sy vir Felicity, Ben en Godfrey van Dylan wil vertel. Mevrou Dykstra sê dat sy reeds haar ouers ingelig het. Nicci besluit na afloop van haar gesprek met mevrou Dykstra dat sy kies om aan te gaan met haar lewe eerder as om 'n slagoffer te wees.

### Kontekstuele vrae:

- 16.1. Verduidelik waarom Nicci skielik nie meer kans gesien het om met mevrou Dykstra te gesels nie.
- 16.2. Wat is tannie Gladys se rol by die hoërskool?
- 16.3. Waarom noem die leerders Nicci se ma "Verb Viper"? Verduidelik.
- 16.4. Van watter bekende persoon vertel mevrou Dykstra vir Nicci?
- 16.5. Wat is, volgens mevrou Dykstra, die een ding wat geen dief van 'n mens kan steel nie?
- 16.6. Verduidelik wat daartoe gelei het dat Dylan by misdaad betrokke geraak het.
- 16.7. Waarom sien Dylan juis vir mevrou Dykstra by Nicci se hoërskool? Verduidelik.
- 16.8. Skryf 'n kort karakterskets van Viktor Frankl (bl. 104-105).
- 16.9. Stem jy saam met Nicci se besluit dat sy wil aangaan met haar lewe en nie 'n ewige slagoffer wil wees nie. Bespreek.
- 16.10. Indien iemand jou beroof het, sou jy die misdadiger kon vergewe? Verduidelik.

## HOOFSTUK 17

### Opsomming:

Ben kom haal Nicci by tannie Gladys se woonstel en sê sy moet saam met hul ma huis toe ry. Haar ma staan met 'n vrou in die parkeerarea en gesels. Nicci praat glad nie met haar ma in die motor of by die huis nie. Nicci raak op haar bed aan die slaap en word wakker wanneer Ben aan haar kamerdeur hamer. Ben en Godfrey is bekommerd oor die bloedstrepe op haar ken en die wit kraag van haar skoolhemp. Godfrey gesels met Nicci, lees verder aan die storie en praat met haar oor die voordele van dans om haar met haar gevoelens te help. Nicci se ouers daag by die huis op. Na 'n lang gesprek troos Nicci haar ma en probeer haar gemoedsrus in te praat. Ben maak 'n voorstel oor Dylan en tydens die tafelgebed druk Godfrey Nicci se hand styf vas.

### Kontekstuele vrae:

- 17.1. Met wie staan Nicci se ma by 'n blou bakkie en gesels?
- 17.2. Waarom, dink jy, sê Nicci dat sy "alle seuns haat"? Verduidelik.
- 17.3. Watter vak onderrig mevrou Beneke?
- 17.4. Wat is Godfrey se verduideliking vir waarom Nicci so erg gebloe het nadat Gemmer haar gekrap het?
- 17.5. Watter belangrike onthulling maak Godfrey teenoor Nicci oor hoekom sy nie meer mag fietsry nie?
- 17.6. Waar was Nicci se ma en pa en wat het hulle by die persoon gedoen?
- 17.7. Met watter idee kom Ben vorendag? Verduidelik.
- 17.8. Wat lei jy as leser af van die feit dat Godfrey nie dadelik Nicci se hand na afloop van die tafelgebed gelos het nie?
- 17.9. Hoe sou jy voel oor Ben se voorstel rakende Dylan? Verduidelik.



## HOOFSTUK 18

### Opsomming:

Op pad skool toe merk Nicci op dat haar ma gespanne is. By die skool is Felicity baie bly om Nicci te sien. Nicci, Ben, Godfrey en Felicity het 'n afspraak met mevrou Dykstra. Hulle gaan oor Dylan gesels. Mevrou Dykstra vra elkeen se mening oor Dylan en hoe hulle daarvoor sal voel indien Dylan by die skool aanbly. Elkeen kry die geleentheid om hulle opinie met die groep te deel. Almal stem egter saam dat Dylan 'n tweede kans verdien aangesien hy net veertien jaar oud is. Aan die einde van die bespreking gaan roep mevrou Dykstra vir Dylan wat by tannie Rien in die kantoor wag.

### Kontekstuele vrae:

- 18.1. Wie is die "Twilight-ouens" na wie Nicci op bl. 114 verwys? Verduidelik.
- 18.2. Watter drie berigte word tydens die nuusbuletin oor die motorradio uitgesaai?
- 18.3. Wat is Nicci se mening omtrent Dylan?
- 18.4. Wat is Nicci se voorwaarde sodat Dylan kan bly?
- 18.5. Watter belangrike morele les deel Godfrey met die groep?
- 18.6. Dink jy Nicci se besluit was die regte besluit? Verduidelik.
- 18.7. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Dylan was tydens die bespreking teenwoordig in mevrou Dykstra se kantoor.

- 18.8. Wat is jou mening omtrent groepsdruk onder tieners?

## HOOFSTUK 19

### Opsomming:

Mevrou Dykstra stel die lede van die fietsryklub aan Dylan voor. Hy lyk totaal verskrik. Mevrou Dykstra lig Dylan in van die voorwaarde wat die fietsryklub aan hom stel. Ben stel Dylan gerus dat hy nie vir die skool as lid van die fietsryklub sal ry nie, maar vir 'n onafhanklike klub. Ben stel 'n tweede voorwaarde aan Dylan en oorhandig 'n koevert met oom Ned se adres aan Dylan. Nicci besluit dat Dylan nie hoef te weet dat sy die "seun" was wat hy beroof het nie. Dylan lig mevrou Dykstra in dat hy graag sy slagoffer om verskoning wil vra. Mevrou Dykstra lig hom in dat dit nie in persoon sal kan

plaasvind nie, maar dat hy wel 'n brief aan sy slagoffer kan skryf. Nicci stel aan Felicity voor dat hulle weer met balletklasse moet begin. Tydens die gesprek verklap Felicity egter dat Godfrey al die jare in die geheim steeds met die balletklasse voortgegaan het. Felicity sê egter vir Nicci dat sy dié nuus vir haarself moet hou aangesien Godfrey nie wil hê almal moet weet hy neem balletklasse nie.

### **Kontekstuele vrae:**

19.1. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Dylan was op sy gemak toe hy die lede van die fietsryklub ontmoet het.

19.2. Watter rede gee Dylan waarom hy nie saam met Ben-hulle sal kan fietsry nie?

19.3. Woon Dylan klasse by Nicci-hulle se hoërskool by? Verduidelik.

19.4. Waarvoor staan die akroniem “DBV”?

19.5. Wat is die tweede voorwaarde waaraan Dylan moet voldoen?

19.6. Watter belangrike besluit het Nicci gemaak omtrent Dylan?

19.7. Verduidelik waarom Dylan nie self die brief wat hy vir sy slagoffer wil skryf aan die persoon kan oorhandig nie.

19.8. Wat stel Nicci aan Felicity voor voordat hulle die wiskunde-klas binnestap?

19.9. Watter geheim verklap Felicity per ongeluk aan Nicci?

19.10. Wie is meneer De Lange?

**Wat is jou mening omtrent die gebruik van die woord “fairy”? Dink jy dit is stereotipies of homofobies om na 'n seun of man as 'n “fairy” te verwys? Bespreek in pare of groepe in die klas.**

## **HOOFSTUK 20**

### **Opsomming:**

Nicci se pa het haar vroeg by die skool kom haal aangesien sy vir haar sesweke-onderzoek moes gaan. Nicci voel dat sy meer as gereed is om weer saam met die klub fiets te ry. Die neuroloog het Nicci egter verbied om tot aan die einde van die jaar fiets te ry. Terug by die huis voel Nicci mismoedig en besef dat sy vir nog ses maande

nie sal kan fietsry nie. Sy soek egter haar balletskoene wat sy agter in haar hangkas gegooi het nadat sy ballet uit haar lewe gesny het. Nicci vra haarself af waarom sy so simpel was om ballet uit haar lewe te sny? Sy plak weer die plakkaat van Madame Fonteyn langs die fietsry-een vas. Sy stuur vir Godfrey 'n teksboodskap aangesien sy met hom wil gesels.

### **Kontekstuele vrae:**

- 20.1. Watter sportkode rig mevrou Marx af?
- 20.2. Na watter bekende boek verwys die “Klein Prinsie op sy eensame planeet”?
- 20.3. Wat het op “swart Donderdag” (bl. 131) gebeur? Bespreek.
- 20.4. Wie se woorde het Nicci opnuut hoop gegee om weer haar balletskoene aan te trek?
- 20.5. Watter belangrike vraag vra Nicci haarself af terwyl sy haarself in die spieël bestudeer?
- 20.6. Hoe oud was Nicci toe sy ballet begin doen het?
- 20.7. Wie verskyn op die plakkaat wat Nicci weer teen haar kamermuur met wondergom vasplak?
- 20.8. Watter boodskap stuur Nicci aan Godfrey?
- 20.9. Waarom, dink jy, stuur Nicci bogenoemde boodskap aan Godfrey?

## **HOOFSTUK 21**

### **Opsomming:**

Godfrey daag laat by Nicci se huis op. Nicci konfronteer hom in haar pa se studeerkamer. Sy wil weet waarom hy nie vir haar gesê het dat hy steeds ballet neem nie. Godfrey verduidelik vir haar dat dit moeilikheid soek is om in hulle skool te adverteer dat jy ballet doen indien jy 'n seun is. Wat Nicci egter verras is dat haar broer wel weet dat Godfrey balletklasse bywoon. Godfrey verduidelik aan Nicci dat dit is wat vriende vir mekaar doen. Nicci sê vir Godfrey dat hy haar moet help aangesien sy graag weer wil dans. Godfrey is verheug oor die goeie nuus. Hy stem in om haar te help en verras haar boonop met die nuus dat hulle aan die skool se talentkompetisie gaan deelneem. Nicci stem in om saam met Godfrey aan die talentkompetisie deel te

neem. Wanneer Ben onverwags by die studeerkamer inkom, sê Nicci vir hom dat sy en Godfrey aan die skool se talentkompetisie gaan deelneem. Daarna vra Ben vir Godfrey of hy hom met 'n probleem in laas jaar se algebra-vraestel kan help.

### **Kontekstuele vrae:**

21.1. Hoe laat daag Godfrey by Nicci se huis op?

21.2. Waarom, dink jy, wil Godfrey nie hê dat almal by die skool weet dat hy ballet doen nie? Verduidelik.

21.3. Waaroor is Nicci verbaas?

21.4. Wat is jou mening oor seuns of mans wat ballet beoefen? Dink jy ballet is meer geskik vir meisies en vroue? Verduidelik.

21.5. By wie neem Godfrey steeds balletklasse?

21.6. Wat is die naam van die skool se talentkompetisie?

21.7. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Helma neem ook balletklasse by Miss Molly.

21.8. Wie is "Nureyev" na wie Ben verwys?

21.9. Wat beteken die gesegde: "Sy hou haar nie kontant nie"? Verduidelik.

## **HOOFSTUK 22**

### **Opsomming:**

Dylan daag onverwags by Nicci se huis op nadat Godfrey haar afgelaai het. Dylan konfronteer haar oor die feit dat sy hom nie ingelig het dat sy sy slagoffer is nie. Hy voel skaam en voel asof almal hom vir 'n aap gevat het. Nicci verduidelik egter aan hom dat dit haar besluit was dat hy nie moes weet wie sy is nie. Sy stel voor dat hy haar en Godfrey met die talentkompetisie help aangesien daar fietse betrokke gaan wees. Dylan stem daartoe in en ry tevrede op sy fiets weg. Nicci voel gelukkig en besef dat dit jou vry maak om ander te vergewe.

### **Kontekstuele vrae:**

22.1. Wie daag onverwags by Nicci se huis op?

22.2. Waaroor is Dylan ontsteld?

22.3. Wat is Nicci se verduideliking aan Dylan waarom hulle nie vir ander vertel het dat hy een van Nicci se rowers was nie?

22.4. Watter voorstel maak Nicci aan Dylan?

22.5. Stem jy saam met Nicci dat “om te vergewe ’n mens vry maak”? Bespreek.

## HOOFSTUK 23

### Opsomming:

Dit is die aand van die skool se Extravaganza talentkompetisie. Nicci is op haar senuwees en Felicity is baie opgewonde oor die aand wat voorlê. Sy jaag Nicci terug klaskamer toe en sê vir haar dat Dylan haar sal kom roep aangesien hy haar “runner” is. Dylan vertel vir Nicci dat hy tans by oom Ned woon en dat hy en sy pa einde September Kaap toe verhuis. Godfrey en Nicci warm hul spiere op in haar ma se klaskamer. Hulle oefen hulle dans. Na ’n ruk kom Dylan hulle roep. Hulle moet agter die gordyne wag aangesien die klavierduo nog aan die gang is. Vroeër die aand het ’n Rock band asook die skool se sopraan, Lauren Cummings, opgetree. Godfrey en Nicci se ballet-duo is die laaste item vir die aand. Nicci se gesin asook al haar vriende het die vertoning kom bywoon. Nicci besluit dat sy daardie aand elke pienk spook in haar kas gaan begrawe.

### Kontekstuele vrae:

23.1. Watter funksie gaan Felicity tydens die talentkompetisie vervul?

23.2. Wie is die “runner”?

23.3. Wat beteken dit as daar na iemand verwys word as “nie die skerpste potlood in die pakkie nie”?

23.4.1. Na wie verwys Felicity wanneer sy na “Billy Elliot” verwys?

23.4.2. Verduidelik waarom Felicity na die persoon in **23.4.1.** as “Billy Elliot” verwys.

23.5. Watter nuus deel Dylan met Nicci?

23.6. Hoe lank het Nicci vir die talentkompetisie geoefen?

23.7. Wie het die vorige jaar se talentkompetisie gewen?

23.8. Wat is die naam van die liedjie wat aan die begin van Godfrey en Nicci se dans speel?

23.9. Hou jy daarvan om voor groot groepe mense te praat, sing of dans? Gee 'n rede vir jou antwoord.

## HOOFSTUK 24

### Opsomming:

Godfrey en Nicci se ballet-duo vertel die eenvoudige verhaal van 'n ou op 'n fiets wat 'n meisie sien en haar hart wil verower. Aanvanklik wil die meisie niks met die ou te doen hê nie, maar hy dans sy hart uit en verower gevolglik die meisie se hart. Die groot verskil is egter dat hulle van fietse gebruik maak. Nicci lig haar ken effens hoër terwyl sy dans toe sy vir Evan in die gehoor sien. Godfrey en Nicci se ballet-duo is 'n triomf en die gehoor is gaande daarvoor. Aan die einde van die talentkompetisie word Godfrey en Nicci as die weners aangewys. Godfrey vra vir Nicci of sy saam met hom na die matriekdans sal gaan. Nicci se antwoord kom in die vorm van 'n plathand teen sy rug aangesien sy te emosioneel is om hom te antwoord.

### Kontekstuele vrae:

24.1. Wat was tannie Molly se laaste woorde aan Nicci tydens haar laaste sessie?

24.2. Is Nicci nog steeds verlief op Evan? Gee 'n rede vir jou antwoord.

24.3. Wat was die gehoor se reaksie op Godfrey wat ballet tydens die talentkompetisie gedoen het?

24.4. Watter rol het Nicci se ma gespeel om haar as ballerina terug te lok na die verhoog? Verduidelik.

24.5. Wie is "Dik Frik"?

24.6. Wie is die weners van die talentkompetisie?

24.7. Wat is die "Tour de France"?

24.8. Watter vraag het Godfrey aan Nicci gestel?

24.9. Dink jy Godfrey en Nicci is verlief op mekaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.

24.10. Het jy van die roman gehou? Bespreek.

## KRITIESE REAKSIE OP LITERÊRE TEKSTE: LITERÊRE OPSTEL

### VERRYKING (Nie verpligtend vir graad 8 en 9 nie.)

(Die literêre opstelvraag is van toepassing op leerders in graad 10-12)

Onderwysers kan leerders voorberei vir die beantwoording van 'n langer tipe vraag aangesien daar in die **VOO-fase** van leerders verwag sal word om literêre opstelvrae gebaseer op 'n letterkundige teks te kan beantwoord.

- Moedig leerders aan om 'n **kopkaart** te maak.
- Beklemtoon die belangrikheid van **paragrafe**.
- Leerders moet altyd 'n **inleiding** en **slot** skryf.

P
<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>PUNT</b></li><li>• Die leerder maak 'n stelling.</li></ul>

V
<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>VERKLAAR</b></li><li>• Die leerder <b>verduidelik</b> die punt (stelling) wat gemaak word.</li><li>• Gebruik <b>WANT</b> of <b>OMDAT</b>.</li></ul>

I
<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>ILLUSTREER</b></li><li>• Bewys die verklaring uit die roman (Gee 'n <b>voorbeeld</b>.)</li></ul>

Moontlike literêre opstelvrae gebaseer op Christien Nesor se roman *Pienk is nie vir sissies nie*.

#### VRAAG 1

Nicci Rust ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

#### VRAAG 2

**Vriendskap** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Nicci se verskillende **vriendskappe** bespreek.

#### VRAAG 3

Nicci ervaar **innerlike konflik** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Nicci se **innerlike konflik** bespreek.

## LITERÊRE OPSTELVRAE: MEMORANDA


Die volgende nasienriglyne is gebaseer op die VOO-fase.

Riglyne vir die nasien van literêre opstelvrae:

- Leerders word nie gepenaliseer indien die opstel korter as die verlangde lengte is nie.
- Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete.
- Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn. Ander relevante inhoud moet as korrek beskou word.
- Gebruik die voorgeskrewe rubriek (opstelvraag: roman) om die literêre opstelvraag na te sien. (**Departement van Basiese Onderwys**)

Die punt uit 25 word soos volg toegeken:

1. **Inhoud (15 punte):** Interpretasie van die onderwerp, diepte van die argument, verantwoordbaarheid en insig in die teks.
2. **Struktuur en taal (10 punte):** Struktuur, logiese vloei en aanbieding, taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel.



	Aantal woorde
Graad 10	300-350
Graad 11	350-400
Graad 12	400-450



# MEMORANDUM

## VRAAG 1

Nicci ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- Voor die rooftog was daar 'n gespanne atmosfeer tussen Nicci en haar ma. Haar ma was ontevrede met Nicci se besluit om ballet vir fietsry te verruil. Haar ma het probeer om haar meer 'vroulik' te laat optree, maar Nicci het daarteen gerebelleer. Na afloop van die rooftog het Nicci se verhouding met haar ma egter verbeter aangesien Nicci besef het waarom haar ma altyd so sensitief was oor haar dogter se fietsryery. Na afloop van die talentkompetisie bedank Nicci haar ma aangesien dit deels aan haar te danke is dat Nicci weer haarself gevind het. Haar ma het haar toegelaat om haar eie foute te begaan en sodoende belangrike lewenslesse daaruit te leer.
- Op dertien het Nicci besluit om ballet te los en eerder saam met haar pa en broer fiets te ry aangesien sy moeg daarvoor was dat Helma altyd die hoofrol in die opvoerings gekry het. Nicci het toegelaat dat haar jaloesie ten opsigte van Helma haar van ballet en die liefde wat sy daarvoor gekoester het te vervreem. Na afloop van die rooftog en as deel van Nicci se helingsproses het sy egter tot die besef gekom dat sy self vir haar eie geluk verantwoordelik is. Sy kan kies watter geluk sy in die lewe wil en kan ervaar. Gevolglik begin sy weer balletklasse by Miss Molly neem en eindig die roman met haar en Godfrey se triomf tydens die talentkompetisie by die skool. Nicci se karakter het ontwikkeling getoon deur middel van introspeksie en wyse raad van vriende asook mevrou Dykstra.
- Nicci se karakter het na afloop van die rooftog geworstel met haar identiteit as meisie. Sy was ontsteld oor die feit dat die man met die blou helmet asook die jong seun wat haar beroof het haar vir 'n seun aangesien het. Sy het in haarself begin twyfel en gewonder waarom Evan haar byvoorbeeld as net 'n sussie-figuur beskou. Deur middel van karakterontwikkeling het Nicci teen die einde van die roman daarin geslaag om te aanvaar dat die lengte van jou hare (met ander woorde jou voorkoms) jou nie minder 'vroulik' maak nie. Sy het innerlike vrede gevind en haarself aanvaar net soos sy is. Sy het belangrike lewenslesse in die proses geleer en met die hulp en ondersteuning van haar vriende en familie het Nicci haarself as jong meisie herontdek.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**

## VRAAG 2

**Vriendskap** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Nicci se verskillende **vriendskappe** bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Felicity:** Felicity is Nicci se beste vriendin. Hulle het mekaar in Snippe en Snuiters se sandput in Graad R ontmoet. Felicity is 'n ekstrovert en is altyd daar om Nicci op te beur, te vermaak en te ondersteun. Hulle het vir 'n aantal jare saam balletklasse bygewoon. Felicity het ook Nicci se besluit oor Dylan ondersteun.
- **Godfrey:** Godfrey is vriende met Nicci se broer, maar aangesien hy Felicity se broer asook lid van die fietsryklub is, het hulle na Nicci se rooftog baie geheg aan mekaar geraak. Godfrey het haar in die hospitaal besoek en ook vir haar voorgelees. Hy was deurentyd bekommerd oor Nicci se fisieke asook emosionele welstand en het op elke moontlike wyse ondersteuning gebied. Hy was ook teenwoordig toe Nicci die man met die blou helmet by die polisiestasie moes gaan uitken. Hy het Nicci oorreed om weer balletklasse te neem. Aan die einde van die roman neem hulle aan die skool se talentkompetisie deel en wen die eerste prys. Godfrey vra vir Nicci of sy hom na sy matriekdans sal vergesel – 'n versoek waartoe sy sonder huiwering instem. Die twee vriende het heel moontlik romantiese gevoelens vir mekaar ontwikkel. Dit is dus meer as bloot 'n vriendskap.
- **Enoch en Sizwe:** Alhoewel Enoch en Sizwe nuut by die fietsryklub aangesluit het, is hulle baie ondersteunend teenoor Nicci. Hulle was ook teenwoordig toe Nicci die man met die blou helmet by die polisiestasie moes gaan uitken. Enoch het Nicci se BikePro op die misdaadtoneel opgetel en die foto van die man met die blou helmet laat ontwikkel wat Sizwe by die hospitaal vir Nicci gewys het. Dit het daartoe gelei dat die polisie die misdadiger maklik kon opspoor en identifiseer.
- **Evan:** Aanvanklik is Nicci smoorverlief op Evan. Evan blyk egter nie hiervan bewus te wees nie aangesien hy haar as 'n "sussie" beskou en in 'n romantiese verhouding met Helma is. Op die dag van die rooftog het hy haar vasgehou en sy hemp uitgetrek om haar gesig af te vee. Alhoewel hy deel is van die fietsryklub, het hy Nicci nie juis na afloop van die rooftog verder ondersteun nie. Sy vriendskap was dus oppervlakkig en aan die einde van die roman het Nicci hom afgeskryf – sy het haar ken hoër gelig en besluit sy koester nie meer enige romantiese gevoelens teenoor Evan nie.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**

### **VRAAG 3**

Nicci ervaar **innerlike konflik** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Nicci se **innerlike konflik** bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

**Hier is 'n paar idees wat as vertrekpunte vir besprekings gebruik kan word:**


- **Lyk ek soos 'n seun?** Na afloop van die rooftog is dit een van Nicci se grootste innerlike konfrontasies met haarself. Sy wonder hoekom die rowers haar vir 'n seun aangesien het en of haar voorkoms haar vroulikheid bepaal al dan nie. Alhoewel Felicia haar probeer gerus stel dat kort hare 'n meisie nie minder vroulik maak nie, wonder Nicci tog of haar ma nie dalk reg was nie. Dalk moes sy nie haar vlegsel afgesny het nie. Sou die rowers haar met rus gelaat het indien hulle geweet het of kon sien dat sy 'n meisie is? Aan die einde van die roman vind Nicci wel innerlike vrede wanneer sy weer balletklasse bywoon en tot die besef kom dat haar voorkoms haar nie minder vroulik maak nie.
- **Moet ek Dylan en die man met die blou helmet vergewe?** Hierdie baie belangrike filosofiese vraag is een van die temas wat sterk in die roman figureer. Nicci kon met behulp van vriende soos Godfrey en Felicity asook mevrou Dykstra se berading en wyse woorde daarin slaag om haar misdadigers te vergewe. Veral in Dylan se geval het Nicci besef dat sy nie 'n veertienjarige seun (wat self 'n slagoffer wat omstandighede was) vir ewig kan blameer nie. Vergifnis is 'n belangrike komponent om innerlike heling teweeg te bring.
- **Hoekom sien Evan my net as 'n "sussie"-figuur?** Nicci kan nie verstaan waarom Evan haar nie as 'meisie' raaksien nie. Hy het net oë vir Helma en besef nie dat Nicci eintlik romantiese gevoelens vir hom het nie. Nicci vermoed dit mag wees omdat sy met kort hare nie 'vroulik' genoeg lyk nie of as een van die 'manne' van die fietsryklub beskou word. Na afloop van gebeure sien Nicci egter Evan se ware kleure en dat hy nie die 'spesiale' ou vir haar was nie.
- **Hoekom wil my ma my meer 'vroulik' maak?** Nicci se konflik met haar ma het ontstaan toe sy op dertienjarige ouderdom besluit het om ballet te los, haar vlegsel af te sny en saam met haar pa en broer fiets te ry. Haar ma se aanhoudende poging om haar meer verfynd te maak het haar aanvanklik geïrriteer, maar aan die einde van die roman bedank Nicci haar ma vir haar ondersteuning en liefde. Nicci het in die proses voor en na die rooftog belangrike lewenslesse geleer. Nicci het haarself weer 'gevind' toe sy weer balletklasse by Miss Molly begin neem het.
- **Wat gaan ek doen as ek nie meer kan fietsry nie?** Alhoewel Nicci aanvanklik teleurgesteld is dat sy na die rooftog vir 'n lang tyd nie meer sal kan fietsry nie, het die innerlike konflik wel tot introspeksie gelei wat haar in 'n nuwe rigting gestuur het. Ballet het weer deel van haar lewe geword en kon sy haarself sodoende versoen met haar lot.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**

AFRIKAANS HUISTAAL  
VRAAGGRADERING: OPSOMMING

BARRET (1968) – LEES & KYK: BEGRIPSTOETSE EN LETTERKUNDE


(VLAK 1-5)



# BLOOM (1956) – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VLAK 1-6

### ANDERSON (2001) (HERSIENE TAKSONOMIE)



# MEMORANDUM

## HOOFSTUK 1

- 1.1. Nicci se kat is dieselfde ouderdom as sy. Op amper sestien jaar is 'n kat oud.
- 1.2.1. *Around Africa on my Bicycle*
- 1.2.2. *Die pienk boekie vir meisies*
- 1.2.3. *The Quotable Cyclist*
- 1.3. Haar ma voel dat Nicci meer vroulik moet optree en dat die boekie haar sal aanmoedig om 'n dame te word.
- 1.4. Dit is 'n ware verhaal van sy fietsrit al om die kuslyn van Afrika.
- 1.5. Sy is 'n bergfietsryer.
- 1.6. Haar pa het twee nuwelinge gaan oplaai wat saam met die klub gaan oefen. Hy wil sodoende nuwe talent kweek.
- 1.7. Sy is 'n onderwyser.
- 1.8. **Leerder se eie afleiding.** (Nicci is heel waarskynlik verlief op Evan.)
- 1.9. Sizwe en Enoch.
- 1.10. Hulle gaan met hul fietse al langs die spruit se een oewer af ry.

## HOOFSTUK 2

- 2.1. Johannesburg
- 2.2. Die gesegde verwys daarna dat die beste fietsryers van die res van die groep uitgewys sal word (**Enige relevante verduideliking**).
- 2.3. Nicci kan baie goed spring en balanseer op haar fiets. Hoe woester die terrein is, hoe beter kan sy ry.
- 2.4. Nicci se ma voel dat sy meer vroulik moet optree. Sy is bang dat die mense sal dink dat Nicci dalk lesbies is aangesien hulle reeds oor Nicci se kort hare skinder.
- 2.5. **Leerder se eie mening.**
- 2.6. Haar naam is 'n samestelling van haar pa en ma se name naamlik Nic en Helene.
- 2.7. Nicci sê dat indien jy nie soos ander meisies optree en lyk nie, mag hulle dink dat jy homoseksueel (lesbies) is.

2.8. Felicity.

2.9. Hulle is broer en suster. Hulle het dieselfde ma, maar verskillende pa's.

2.10. Nicci gaan vir Felicity se broer, Godfrey, wegry en voor hom met haar fiets by Engen opdaag.

### HOOFSTUK 3

3.1. Nicci het die vorige Saterdag die BikePro by die Interklub se kampioenskapsbyeenkoms in Pretoria gewen.

3.2. Sy is van mening dat Nicci nou nog gevaarliker toertjies met haar fiets gaan probeer uitvoer om haar waaghalsigheid op video vas te lê.

3.3. Dit is die naam wat Nicci haar fiets gegee het.

3.4. Die fiets het 'n spierwit 27-en-'n-halfduimraam met "Nix" daarop aangebring.

3.5. Die name verwys na die handelsmerke van verskillende soorte bergfietse.

3.6. Hy is in matriek en wil graag na skool ingenieurswese gaan studeer.

3.7. Tannie Gladys is die Algemene terreinbestuurder by Nicci se hoërskool en ook Godfrey en Felicity se ma.

3.8. 'n Man met 'n blou fietsryhelmet asook 'n seun in fietsryklere het langs die voetpad verskyn.

3.9. Sy het gedink dat sy fiets dalk gebreek het.

3.10. Hulle wil Nicci beroof.

### HOOFSTUK 4

4.1. Hulle wou Nicci se selffoon gehad het.

4.2. **Leerder se eie mening.** (Heel moontlik omdat die rower kwaad was omdat Nicci nie 'n selffoon by haar gehad het nie.)

4.3. Nicci merk op dat Engels nie sy eerste taal is nie, sy voortand is getjip en dat hy pienk droë, gebarste lippe het.

4.4. Nicci moes vier maande se sakgeld spaar om die bril te kon koop.

4.5. Nicci merk op dat een van sy vingers weg is.

4.6. **Leerder se eie mening.**

- 4.7. Nicci is skaam aangesien min meisies 'n nommer sewe skoene dra.
- 4.8. Die jong outjie het met Nicci se fiets weggery.
- 4.9. Nicci was meer ontsteld oor die feit dat die rowers gedink het dat sy 'n seun is as oor haar besittings waarvan sy beroof is.
- 4.10. **Leerder se eie mening.**

## HOOFSTUK 5

- 5.1. Godfrey en Ben was eerste op die toneel.
- 5.2. Nicci het 'n hou teen haar kop gekry, haar linkeroor bloei en haar een oog is toegeswel.
- 5.3. *Hunger Games* verwys na 'n reeks distopiese jeugromans wat ook verfilm is.
- 5.4. Sy dink die rooftog sou hulle moontlik afgeskrik het en gevolglik sal hulle nie weer saam met die groep fiets wil ry nie.
- 5.5. Indien jy iemand se oogappel is, is jy daardie persoon se gunstelingpersoon of geliefde.
- 5.6. Enoch het dit opgetel.
- 5.7. Volgens Nicci beteken geluk om nie op die verkeerde tyd op die verkeerde plek te wees nie.
- 5.8. Sy kan nie verstaan waarom die rowers haar vir 'n seun aangesien het nie.
- 5.9. **Leerder se eie mening.**
- 5.10. **Leerder se eie mening.**

## HOOFSTUK 6

- 6.1. Oom Ned is 'n gesoute Brit. Hy praat *Eastender*-Engels. Hy het 'n teddiebeerlyf en bou in sy vrye tyd fietse in sy motorhuis.
- 6.2. Dok Daan is bekommerd dat Nikki 'n ernstige kopbesering opgedoen het en dus mag sy nie aan die slaap raak nie.
- 6.3. Hulle moet altyd in groepe van drie of vier ry.
- 6.4. Dok Daan is 'n plastiese chirurg.
- 6.5. Selina Gomez, Taylor Swift en Angelina Jolie.



6.6. Milpark hospitaal.

6.7. Die veiligheidswagte sal die Blitzpatrolie telefoneer.

6.8. Enoch troos vir Nicci en sê dat sy nie hartseer moet wees oor haar fiets nie aangesien dit net 'n fiets is.

## HOOFSTUK 7

7.1. Godfrey en Ben het by haar gesit.

7.2. 'n Slegte mens leef gewoonlik baie lank.

7.3. Nicci mag vir die res van die jaar nie fietsry nie.

7.4. Nicci huil oor haar fiets wat gesteel is en dat sy nie meer mag fietsry nie. Verder huil sy ook omdat sy nie aan vanjaar se fietsrykampioenskap sal kan deelneem nie.

7.5. Sy is kwaad vir haarself omdat sy nie by Ben en Godfrey gebly het nie. Sy is ook kwaad omdat die man en seun haar vir 'n seun aangesien het.

7.6. Ballet.

7.7. **Leerder se eie mening.**

7.8. Die “blinde sambok” verwys na wanneer iets slegs met 'n persoon gebeur sodra hy of sy iets gedoen het wat hy of sy nie moes doen nie. In hierdie geval verwys Nicci se ma na Nicci se besluit om nie meer ballet te doen nie. Die rooftog is die “blinde sambok” wat Nicci ‘geklap’ het omdat sy eerder fietsgery het as om met ballet aan te gaan.

## HOOFSTUK 8

8.1. Nicci is vyftien en 'n driekwart jaar oud.

8.2. Nicci het gebloos omdat die verpleegster haar lyf kom was het en haar naak gesien het.

8.3. Godfrey.

8.4. Hy gaan vir haar voorlees.

8.5. *Einstein and the Art of Mindful Cycling.*

8.6. **Leerder se eie mening.**

8.7. Die man met die blou helmet het reggekry wat Nicci se ma nie kon vermag met haar pienk boekie en broekies nie – hy het Nix uit haar uitgetimmer.

## HOOFSTUK 9

- 9.1. Die onderwysers het 'n gebedskring vir haar by die skool gehou.
- 9.2. 'n Groot pienk teddiebeer
- 9.3. **Leerder se eie mening.** (Dink aan die titel en Nicci se afkeur aan die kleur pienk.)
- 9.4. Nicci vertel vir Felicity dat die rowers gedink het dat sy 'n seun is.
- 9.5. Felicity is van mening dat lang hare mens nie noodwendig vroulik maak nie en dat Nicci haar nie daaraan moet steur nie.
- 9.6. Die polisie.
- 9.7. **Leerder se eie mening.**

## HOOFSTUK 10

- 10.1. Sy is effens plomp, dra 'n bril, pienk lipstiffie en het muisagtige hare met sonstrepe.
- 10.2. Godfrey stel voor dat hy Phonefinder sal gebruik om Nicci se selfoon op te spoor.
- 10.3. Sy moet die polisie met die samestelling van 'n identikit help.
- 10.4. Nicci het vergeet om vir haar van die mikroskyfie in haar fiets se raam te vertel. Sy het ook nie genoem van die silwer-Sint Christopher binne-in die regterhandvatsel nie.
- 10.5. Sint Christopher is die beskermheilige van reisigers.
- 10.6. Hy het haar selfoon by haar eie straatadres opgespoor.
- 10.7. Sherlock Holmes – 'n fiktiewe speurder.
- 10.8. **Leerder se eie mening.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

## HOOFSTUK 11

- 11.1. **Leerder se eie mening.** (Nicci is heimlik verlief op Evan.)
- 11.2. Helma het elke keer die hoofrol met die tutu gekry toe Nicci nog balletklasse geneem het. Sy is ook Evan se meisie.
- 11.3. Hulle het balletklasse bygewoon.
- 11.4. 'n Groot pienk teddiebeer.

- 11.5. Helma is 'n finalis in SportsCalendar se kompetisie en moet liefdadigheidswerk as deel van die kompetisie doen.
- 11.6. Nicci is getraumatiseer en beleef weer die oomblik toe die rowers haar aangeval het.
- 11.7. Thembi.
- 11.8. Nicci is verlief op Evan en wil nie 'n sussie vir hom wees nie, maar sy meisie.
- 11.9. **Leerder se eie mening.**
- 11.10. **Leerder se eie mening.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

## HOOFSTUK 12

- 12.1. Dok Daan is bekommerd dat Nicci dalk 'n infeksie kan kry. Hy wil ook nog 'n breinskandering doen.
- 12.2. Sizwe en Enoch.
- 12.3. Hy het die foto van die man met die blou helmet uitgedruk wat op Nicci se BikePro se kamera vasgevang was.
- 12.4. Dit man is wit met 'n swak ken en 'n hangsnor.
- 12.5. Hy het die foto van Nicci se BikePro se kamera afgelaai en uitgedruk.
- 12.6. Sizwe het voor sy huis met sy nuwe fiets afgewys. Tydens die afklimslag het hy egter vergeet om sy skoene uit te klik en gesig eerste op die teer geval terwyl die buurman en sy meisie gekyk het.
- 12.7. **Leerder se eie antwoord.** (Dit kan in die klas bespreek word.)

## HOOFSTUK 13

- 13.1. Nicci het 'n ernstige kopbesering opgedoen en sy moes haar oog laat rus. (Die dokter was heel waarskynlik bekommerd aangesien kopbeserings soos harsingskudding probleme kan veroorsaak.)
- 13.2. Hy het aangehou om vir haar uit die Einstein-boekie voor te lees.
- 13.3. Hy sê dat Nicci filosofies moet raak oor fietsry. Sy moet dink hoekom sy ry.
- 13.4. Sy moet weer met ballet begin.
- 13.5. Sy grimeer Nicci se gesig om haar wonde te verbloem.
- 13.6. Haar matrieks skryf daardie oggend toets.

- 13.7. Mevrou Dykstra is die skoolsielkundige.
- 13.8. Nicci moet vir mevrou Dykstra gaan spreek.
- 13.9. Ben, Godfrey, Enoch en Sizwe.
- 13.10. **Leerder se eie antwoord.**

## HOOFSTUK 14

- 14.1. Nicci se pa is 'n aktebesorger (prokureur).
- 14.2. Hy is minderjarig en sy identiteit word dus volgens wet beskerm.
- 14.3. Die seun het gedink dat Nicci 'n laerskoolseun was. Nicci het in haar verklaring melding gemaak dat die rowers haar vir 'n seun aangesien het.
- 14.4. Die foto wat Sizwe uitgedruk het.
- 14.5. **Nee.** Daar is eenrigting-glas.
- 14.6. Dit beteken dat 'n getuie of slagoffer in 'geheim' voor die hof sal getuig sonder die teenwoordigheid van sekere partye soos die oortreder, media en lede van die publiek.
- 14.7. Sy het na die man se hand gekyk en gesien dat hy nie 'n middelvinger aan sy regterhand het nie.
- 14.8. Hy het sy skandeerder gebring om die mikroskyfie in Nicci se fietsraam te skandeer.
- 14.9. Sint Christopher is die beskermheilige van reisigers.
- 14.10. Enoch en Sizwe het haar gedurende die moeilike tyd ondersteun. Sy voel hulle is deel van haar fietsry-familie.

## HOOFSTUK 15

- 15.1. Tannie Rien is die hoërskool se sekretaresse.
- 15.2. Die sielkundige se kantoor is regs langs die siekekamer en oorkant die admin-kantoor. Almal kan dus sien wie daar op die bank sit en wag.
- 15.3. Sy het nie akademiese of emosionele probleme wat sy met haar wou bespreek nie.
- 15.4. Harry Potter is 'n fiktiewe karakter in J.K. Rowling se reeks jeugboeke.
- 15.5. Godfrey stel voor dat Nicci weer balletklasse moet neem.

15.6. Dylan het sy eie veter raakgetrap en teen Nicci vasgesteier. Sy sien toe sy een voortand is getjip, sy wimpers is spierwit, sy tekkies is rooi, sy pinkienael is potblou en sy lippe is pienk en gebars.

15.7. **Leerder se eie antwoord.**

## HOOFSTUK 16

16.1. Sy was getraumatiseer toe sy vir Dylan gesien het.

16.2. Sy is die Algemene terreinbestuurder.

16.3. Nicci se ma bied Engels as vak aan en is altyd giftig oor die regte gebruik van werkwoorde.

16.4. Viktor Frankl.

16.5. 'n Mens se houding is die een ding wat geen dief van jou kan steel nie.

16.6. By sy vorige skool is hy deur 'n bende geboelie. Hy moes die kaping uitvoer as deel van 'n inisiasieritueel.

16.7. Dylan se oom en tante woon naby die skool. Hy woon by hulle aan huis.

16.8. Viktor Frankl was 'n Joodse dokter in Wene. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hy en sy gesin na 'n konsentrasiekamp gedeporteer. Sy hele gesin is in Auschwitz uitgewis. Hy het egter oorleef.

16.9. **Leerder se eie mening** met 'n goeie rede.

16.10. **Leerder se eie antwoord.**

## HOOFSTUK 17

17.1. Mevrouw Dykstra.

17.2. **Leerder se eie antwoord.** Die leerder moet motiveer.

17.3. Mevrouw Beneke onderrig Afrikaans.

17.4. Dok Daan het haar op medikasie gesit om bloedklonte te vermy. Dit verklaar waarom sy so erg gebloei het aangesien haar bloed verdun was.

17.5. Indien Nicci met haar fiets sou val, kan sy doodbloei.

17.6. Hulle het 'n afspraak met mevrou Dykstra gehad om oor Dylan te gesels.

17.7. Ben stel voor dat hulle Dylan by die fietsryklub betrek om saam met hulle fiets te ry.

17.8. **Leerder se eie antwoord.** (Godfrey koester romantiese gevoelens teenoor Nicci.)

17.9. **Leerder se eie antwoord.**

## HOOFSTUK 18

18.1. Die “Twilight-ouens” verwys na die karakters (vampiere) in die *Twilight* boeke en films.

18.2. Daar is opstande in die Wes-Kaap, ’n busongeluk in die Vrystaat en ’n bosbrand in Mpumalanga.

18.3. Nicci is van mening dat Dylan by die skool mag bly.

18.4. Dylan moet naweke saam met die klub fietsry.

18.5. Godfrey is van mening dat ’n mens met sy of haar gewete moet kan saamleef. Dylan is net veertien jaar oud en verdien dus ’n tweede kans.

18.6. **Leerder se eie mening.** Die leerder moet antwoord motiveer.

18.7. **Onwaar.**

18.8. **Leerder se eie mening.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

## HOOFSTUK 19

19.1. **Onwaar.**

19.2. Dylan sê dat hy nie ’n fiets het nie.

19.3. **Nee**, hy word tuis onderrig (“home school”).

19.4. Dierebeskeringsvereniging (DBV).

19.5. Dylan moet oom Ned in sy garage help om fietse reg te maak.

19.6. Nicci het besluit dat Dylan nooit hoef te weet dat sy die slagoffer van sy misdaad was nie.

19.7. Dylan mag nie weet dat Nicci die slagoffer van sy misdaad was nie.

19.8. Nicci stel voor dat sy en Felicity weer balletklasse bywoon.

19.9. Felicity vertel vir Nicci dat Godfrey steeds in die geheim balletklasse neem.

19.10. Hy onderrig wiskunde by Nicci se hoërskool.

## HOOFSTUK 20

20.1. Netbal.

20.2. *Die Klein Prinsie (Le Petite Prince)* deur Antoine de Saint-Exupéry

20.3. Dit was die dag waarop Nicci besluit het dat sy ballet uit haar lewe gaan sny. Sy het haar vlegsel afgesny en haarself Nicci gedoop.

20.4. Victor Frankl.

20.5. “Wie is jy?”

20.6. Ses jaar oud.

20.7. Dame Margot Fonteyn.

20.8. “Direk na ballet by my venster. Moenie Ben wakker maak nie.”

20.9. **Leerder se eie antwoord.**

## HOOFSTUK 21

21.1. Godfrey het net na nege by haar huis opgedaag.

21.2. **Leerder se eie antwoord.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

21.3. Nicci is verbaas om te hoor dat haar broer, Ben, weet dat Godfrey balletklasse bywoon.

21.4. **Leerder se eie antwoord.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

21.5. Miss Molly.

21.6. Extravaganza.

21.7. **Onwaar.**

21.8. Rudolf Nureyev (manlike ballentdanser).

21.9. Dit verwys na iemand wat voorbarig, bakleierig of krities is. (**Nicci is dus die teenoorgestelde op bl. 141.**)

## HOOFSTUK 22

22.1. Dylan het onverwags by Nicci se huis opgedaag.

22.2. Dylan is ontsteld omdat niemand vir hom gesê het dat Nicci die ‘seun’ was wat hy beroof het nie.

22.3. Nicci verduidelik dat fietsry-buddies nie op mekaar split nie.

22.4. Nicci stel voor dat Dylan hulle help met hulle dans vir die talentkompetisie.

22.5. **Leerder se eie mening.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

## HOOFSTUK 23

23.1. Sy is die hoofopereur in beheer van die gordynkatrol.

23.2. Dylan is die runner.

23.3. Die persoon is nie baie intelligent nie.

23.4.1. Sy verwys na haar broer, Godfrey.

23.4.2. Hy is 'n goeie balletdanser net soos die karakter, Billy Elliot, in Lee Hall se toneelstuk. (Daar kan ook na die filmweergawe met Jamie Bell in die hoofrol verwys word.)

23.5. Hy vertel vir Nicci dat sy pa werk in die Kaap gekry het en dat hulle einde September Kaap toe gaan verhuis.

23.6. Twee maande.

23.7. Lauren Cummings (Die skool se sopraan).

23.8. "There are nine million bicycles in Beijing".

23.9. **Leerder se eie antwoord.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)

## HOOFSTUK 24

24.1. "Dance it with feeling, Nicci, forget about technique."

24.2. **Nee.** Sy lig haar ken hoër toe sy hom in die gehoor gewaar.

24.3. Hulle was positief en die meisies het histories gegil.

24.4. Nicci se ma het toegelaat dat Nicci haar eie foute maak en sodoende daaruit leer. (**Enige relevante verduideliking.**)

24.5. Hy is die eerste span se stut.

24.6. Nicci en Godfrey.

24.7. Die Tour de France is 'n jaarlikse padfietswedren waaraan mans in Frankryk deelneem.



24.8. Godfrey het Nicci gevra of sy saam met hom na sy matriekdans sal gaan.

24.9. Ja of Nee. (**Leerder se eie mening met motivering.**)

24.10. **Leerder se eie mening.** (Dit kan in die klaskamer bespreek word.)



Tafelberg

**WOORDVERKLARINGS (Sien HAT)**

<b>WOORD</b>	<b>BLADSY</b>	<b>BETEKENIS</b>
<b>krys</b>	<b>14</b>	Deurdringende skree of 'n harde, rou geluid wat voortgebring word
<b>samba</b>	<b>15</b>	Brasiliaanse dans uit Afrika afkomstig, gekenmerk deur lewendige bewegings
<b>balaklaw</b>	<b>26</b>	Wolmus oor die hele kop, met uitsondering van sekere gesigsdele, en nek bedek
<b>bulk</b>	<b>29</b>	'n Diep geluid maak soos 'n bees
<b>kwinkslag</b>	<b>36</b>	'n Gevatte antwoord of gesegde
<b>harsingskudding</b>	<b>46</b>	Aandoening van die harsings as gevolg van 'n harde slag of val op die kop
<b>hardkoppig</b>	<b>49</b>	Eiesinnig, onversetlik of eiegeregtig
<b>verklaring</b>	<b>57</b>	'n Formele verduideliking, uitspraak of belofte
<b>vermom</b>	<b>61</b>	Agter 'n masker of op 'n ander wyse verberg
<b>pandjieswinkel</b>	<b>83</b>	Winkel waar, teen aflewering van 'n pand, geld geleen kan word
<b>kalant</b>	<b>85</b>	Iemand (man/seun) wat hom sleg gedra, maar van wie jy tog hou
<b>futiel</b>	<b>98</b>	Wat op niks uitloop nie; nutteloos; vergeefs
<b>skarminkel</b>	<b>102</b>	Onaangename, onbetroubare, selfs skurkagtige persoon
<b>swets</b>	<b>109</b>	Kru taal gebruik; vloek
<b>sigeuner</b>	<b>117</b>	Lid van 'n rondswerwende groep met 'n eie taal, eie gewoontes en kenmerkende kleredrag, veral in Europa
<b>radiologie</b>	<b>130</b>	Spesialiteitsdissipline wat handel oor die diagnostiese en terapeutiese gebruike van stralingsenergie

<b>neuroloog</b>	<b>130</b>	Dokter wat in die neurologie spesialiseer en siektes van die senuweestelsel behandel
<b>plié</b>	<b>130</b>	Houding in ballet waar die knieë gebuig word met die voete plat op die grond in verskillende posisies
<b>pas de chat</b>	<b>133</b>	Die balletdanser spring vanuit die vyfde posisie na 'n demi-plié en spring daarna skuins in die lug met voete opgelig soos 'n kat
<b>pointes</b>	<b>132</b>	'n Balletskoen  Balletdans wat op die punte van die danser se tone uitgevoer word
<b>pas de deux</b>	<b>145</b>	Dans vir twee
<b>arabesque (arabesk)</b>	<b>153</b>	Houding in ballet waarby die liggaam by die heup na vore gebuig is en een been en die ooreenstemmende arm na agter en die ander arm na voor uitgestrek is

Om verder op te lees oor **ballet (veral die woordeskat wat gebruik word)**, besoek die volgende webtuiste:

- <https://www.pbt.org/learn-and-engage/resources-audience-members/ballet-101/ballet-vocabulary/>

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Nooi 'n kenner** van bergfietsry om met die leerders te kom gesels. Vra hom/haar om leerders meer van die sportsoort te vertel.
2. **Kreatiewe opdrag:** Elke leerder ontvang 'n A3-bladsy. Die leerders moet hulle eie bergfiets ontwerp. Leerders moet hul skets van volledige beskrywende byskrifte voorsien.
3. Hou 'n **klasbespreking** waartydens die leerders hul mening lug oor manlike balletdansers en die stereotipes wat daarmee gepaard gaan.
4. Verbeel jousef jy is Nicci. Die polisie het jou gevra om 'n verslag van die gebeure tydens die rooftog te skryf. **Skryf 'n verslag van 100-110 woorde** waarin jy die gebeure uiteensit.
5. **Navorsingsprojek:** Voltooi die volgende tabel deur uit te vind wie elkeen van die persone is. Gebruik die internet of besoek jou naaste biblioteek.

Hoofstuk	Naam	Voltooi...
1	John Olsen	
2	Susan Carpenter	
3	Lance Armstrong	
4	Carol Waters	
5	Eddie B	
6, 10 & 12	James E Starrs	
7	Paul Cornish	
8, 9, 15 & 18	Albert Einstein	
11	Lt. Frank Drebin	
13	Flann O'Brien	
14	John Howard	
16 & 22	Victor Frankl	
17	Terri Mauro	
19	Tannie Adèle	
20	Dame Margot Fonteyn	
21	Fred Astaire	
23	Billy Elliot deur Lee Hall	
24	Harry Dacre	

6. **Mondeling:** Is dit belangrik om misdadigers te vergewe? Bespreek.
7. **Skryf 'n e-pos (100-110 woorde)** aan jou beste vriend of vriendin waarin jy jou waardering vir sy of haar vriendskap uitspreek. Vertel hoekom die vriendskap vir jou so waardevol is.

8. **Lees** Viktor Frankl se *Man's Search For Meaning* (1959).
9. Doen navorsing oor Viktor Frankl se lewe. Skryf 'n **verhalende opstel** waarin jy die storie van sy lewe oortel. Jou opstel moet **250-300 woorde** in lengte wees.
10. **Groepbespreking:** Wat is julle mening oor moderne geslagsrolle? Mag mans die strykwerk doen en vroue die gras sny?
11. **Roelspel:** Verdeel die klas in pare. Een leerder vertolk die rol van Nicci en 'n ander die rol van mevrou Dykstra. Voer die gesprek tussen die twee op waartydens Nicci haar traumatiese ervaring met mevrou Dykstra bespreek.
12. **Plakkaat:** Ontwerp 'n plakkaat (A2-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se karaktereienskappe langs die skets / prent aan te dui.

### VOORBEELD:

*PIENK IS NIE VIR SISSIES NIE*

**KARAKTERSKETSE**

**PRENT  
OF  
SKETS**

- **Nicolene Rust**
- Hoofkarakter
- Graad tien
- Hou van fietsry

13. Skryf 'n **resensie** van **160-180 woorde** oor Christien Nesper se roman *Pienk is nie vir sissies nie*.
14. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die roman met die leerders te kom gesels.
15. **Lees** Riaan Manser se boek *Around Africa on my Bicycle*.
16. **Navorsingsprojek:** Doen navorsing oor die balletdanser Rudolf Nureyev en skryf 'n kort verslag (**160-180 woorde**) oor sy lewe en loopbaan as balletdanser.
17. **Lees** Barrie Hough se roman *Vlerkdans* (1992).

**MEMORANDUM: TABEL (VERRYKINGSAKTIWITEIT)**

<b>Hoofstuk</b>	<b>Naam</b>	<b>Voltooi...</b>
1	<b>John Olsen</b>	John Olsen is die skrywer van die boek <i>Adventure Sports: Mountain Biking</i>
2	<b>Susan Carpenter</b>	Fietsryer
3	<b>Lance Armstrong</b>	Voormalige professionele padfietsryer van die Verenigde State van Amerika
4	<b>Carol Waters</b>	Fietsryer
5	<b>Eddie B</b>	Komediant en voormalige onderwyser
6, 10 & 12	<b>James E Starrs</b>	Skrywer van <i>The Noiseless Tenor: The Bicycle in Literature</i>
7	<b>Paul Cornish</b>	Bekende fietsryer
8, 9, 15 & 18	<b>Albert Einstein</b>	Fisikus wat bekend is vir sy relatiwiteitsteorie
11	<b>Lt. Frank Drebin</b>	Fiktiewe karakter in die film <i>The Naked Gun</i> (1991)
13	<b>Flann O'Brien</b>	Skrywer van <i>The Third Policeman</i>
14	<b>John Howard</b>	Fietsryer van die Verenigde State van Amerika
16 & 22	<b>Victor Frankl</b>	Oostenrykse psigiater, neuroloog, skrywer en filosoof
17	<b>Terri Mauro</b>	Skrywer van <i>50 Ways to Support Your Child's Special Education</i>
19	<b>Tannie Adèle</b>	Karakter in die roman. Nicci se ma se snobistiese suster
20	<b>Dame Margot Fonteyn</b>	Ballerina (Engeland)
21	<b>Fred Astaire</b>	Amerikaanse akteur veral bekend vir sy goeie danspassies
23	<b>Billy Elliot deur Lee Hall</b>	Fiktiewe karakter in Lee Hall se dramateks
24	<b>Harry Dacre</b>	Britse liedjieskrywer

## LITERÊRE GLOSSARIUM

Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) – dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie** – 'n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontloft) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) – betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties** – betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evaluateer** – om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

**geïmpliseerde betekenis** – betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre** – 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg** – die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

**herlees** – 'n leesstrategie wat die leser nog 'n kans gee om 'n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer** – 'n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van 'n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** – die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin 'n mens dink”

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) – dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit** – die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige** – verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie** – woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het

**karikatuur** – 'n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) – die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie

**konflik** – stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie** – wat gesuggereer word deur 'n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks** – die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade** – 'n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in 'n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese*, *teenstelling*) – stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte** – grafiese netwerkvoorstelling van idees of 'n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) – die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke** – letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorzaak** – dit wat aanleiding gee tot 'n handeling / gebeure / aksie of op 'n toestand te reageer

**parafrase** – die herbewoording van 'n idee in jou eie woorde

**perspektief** – 'n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in 'n roman of drama

**retoriese vraag** – 'n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, 'n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang** – onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme** – bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire** – iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; 'n satiriese literêre werk het gewoonlik 'n bewustelike sosiale inslag



**simbool** – ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer** – die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) – ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees** – om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem** – dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry

**stemming** – atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, audio en audiovisuele tekste geskep word

**stereotipe** – vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl** – trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in

**subintrige** – ondergeskikte verwickelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks** – dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema** – die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie

**transaksionele skryfwerk** – funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) – om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees** – om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Frankl, V. 2008 (1959). *Man's Search For Meaning*. Londen: Rider.
- Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- Hough, B. 1992. *Vlerkdans*. Kaapstad: Tafelberg.
- KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.
- Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.
- Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.
- Manser, R. 2009. *Around Africa on my Bicycle*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Neser, C. 2018. *Pienk is nie vir sissies nie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Prinsloo, A.F. 2012 (2004). *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.
- Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.
- Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Vorster, M. 2018. Resensie: Pienk is nie vir sissies nie. *LitNet*. Besoek op 25 Januarie 2021. <https://www.litnet.co.za/pienk-is-nie-vir-sissies-nie-deur-christien-neser-n-resensie/>